# Die verhouding tussen trauma en magiese realisme in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) deur Christoffel Coetzee

*Reinhardt Fourie*

Reinhardt Fourie, Departement Engelse Studies, Universiteit van Suid-Afrika

***Opsomming***

Hierdie artikel ondersoek die verband tussen trauma en magiese realisme in die roman *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) deur Christoffel Coetzee. Heelwat navorsing is al onderneem oor die Afrikaanse variant van magiese realisme enersyds en traumateorie andersyds, maar die verband tussen hierdie twee aspekte in Afrikaanse literêre tekste is nog nie indringend ondersoek nie, ten spyte daarvan dat magies-realistiese tekste dikwels gemoeid is met traumatiese momente uit die geskiedenis. Eerstens word die begrip *trauma* – wat ’n baie wye begrip is – ondersoek om ’n funksionele raamwerk vir ’n ondersoek na die uitbeelding van trauma in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* daar te stel. Tweedens word aandag geskenk aan die literêr-historiese konteks van die Suid-Afrikaanse Oorlog, aangesien dit ’n kernfokus vorm van postapartheid Afrikaanse letterkunde en ook magies-realistiese romans van die afgelope vyftien jaar. Derdens word ondersoek ingestel na die verbande tussen die literêre beelding van trauma en magiese realisme deur ’n ontleding van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. In die ontleding word gefokus op die epiese elemente van ruimte, verteller/fokalisator en karakter. Daar word bevind dat *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* deur sy magies-realistiese kenmerke uiters effektief is nie net as ’n teks oor die trauma van die Suid-Afrikaanse Oorlog nie, maar ook as ’n teks wat op allegoriese vlak die trauma van hedendaagse Suid-Afrika betrek.

**Trefwoorde:** trauma; traumastudies; magiese realisme; *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*; Christoffel Coetzee; Afrikaanse letterkunde; Suid-Afrikaanse Oorlog

***Abstract***

**The relationship between trauma and magical realism in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* by Christoffel Coetzee**

This article investigates the relationship between trauma and magical realism in the Afrikaans novel *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) by Christoffel Coetzee. A lot of research has been conducted regarding the Afrikaans variant of magical realism on the one hand and trauma theory on the other. However, the relationship between these two aspects in Afrikaans literary texts has not been researched in greater depth – despite the fact that magical-realist texts often depict and involve traumatic moments from history.

In the theoretical section of the article the concept of *trauma* – which is a wide notion – is investigated in order to create a functional framework for an analysis of the depiction of trauma in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz.*To achieve this, an overview is provided of

the development of trauma theory, from its early use in psychoanalysis and psychology, in which it was suggested that traumatic experience can harm the body both physically and psychologically. Here brief reference is made to the work of Sigmund Freud and how his "talking cure" was created as an attempt to help those who had suffered traumatic experiences to come to terms with the event (Roth 2012:81). The American Psychiatric Association (2013:274) includes the following concepts in the definition of trauma: "exposure to war", "threatened or actual physical assault", "threatened or actual sexual violence", "being kidnapped [or] taken hostage", "terrorist attack, torture, incarceration as a prisoner of war, natural or human-made disasters, and severe motor vehicle accidents". The aforementioned definitional elements are used in the context of this study in order to further define that which is considered to be a traumatic experience. It is determined that a traumatic event can be any event that "defies reason and a sense of order, cripples our ability to maintain a stable sense of reality, challenges our categories of understanding and consequently the model of the world by which we unconsciously operate" (Granofsky 1995:8). For an experience or event to qualify as traumatic it must have a disruptive effect on one's everyday interaction with one's environment, through which the victim will often re-experience said event.

The use of the trauma concept in literary studies is then explored. Berger (1997:571–2) notes that the prevalence of traumatic experience in literature has much to do with the great events of the 20th century, such as wars, which have shaped the ways in which society views the world. Within this context, the literary work is viewed as a testing ground wherein various traumas can be relived and re-enacted upon various subjects and scenarios. Through the adaptation of concepts from psychoanalysis and psychology, it is possible to analyse the cultural product (here the literary text) to form a panoramic view of a specific culture's conceptions of trauma. Through the literary depiction of individual and collective traumas from the past, readers can attempt to better understand the traumatic patterns that are characteristic of a specific culture. In this way, trauma itself may be better understood.

According to Van der Merwe and Gobodo-Madikizela (2008:1), to live is to inherently create a narrative. Narratives have an implicit ordering function, because events are selected by the creator of the narrative and presented in a specific way to attach meaning to events. Similar to Granofsky (1995) and Hermans (2010), Van der Merwe and Gobodo-Madikizela (2008:6) state that a traumatic experience or event can often lead to the disruption of the created narrative order. Furthermore, individual narratives are situated within "patterns of existing discourses", and so lives can be depicted as meaningful and orderly narratives that fall into a greater collective narrative (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:2).

Eventually, the narration of traumatic experience can be seen as a process of healing (Caruth 1995:vii) – an attempt to bring order to the chaotic world in which we exist through a form of narrative therapy. However, trauma narratives do not necessarily imply a healing process, as literature focuses specifically on the fact that sometimes there is no order to be found.

To further illuminate the issues surrounding the notion of literature as therapy, a brief overview is presented of major studies on trauma in Afrikaans literature. The different –and often opposing – positions of Van Coller (1997, 2005, 2006) and John (2000, 2006, 2008, 2010) are considered. Van Coller attaches some importance to the notion of literature as healing/therapy, while John views this position as "colonisation" of literary studies by psychology. It is concluded that when working with trauma narratives, there is a tenuous

balance between the therapeutic value and aims of the text on the one hand, and the aesthetic aspects of the text on the other hand.

With reference to Van den Berg (2011) the problematic notion of the trauma of the perpetrators is also considered. It is noted that the depiction of the misdeeds of the perpetrators and the trauma this causes for the perpetrators must not be viewed in such a way as to sympathise with the position of the perpetrator, but rather to come to a better understanding of trauma (Metz 201:1037).

In the second part of the theoretical overview, brief attention is given to *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* as a text with strong magical-realist elements. The discussion also highlights the relationship between the events often depicted in such texts and the depiction of trauma in literature. This study does not aim to typify *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* as a magical-realist text per se, but merely to highlight the magical-realist characteristics that exist in the novel, as these will be utilised in the analysis of the text.

A literary-historical synopsis of the relatively recent wave of interest in the South African War is undertaken, as it is a core focus of much post-apartheid Afrikaans literature. Along with an overview of the socio-political reasons for the noted interest in the South African War, it is indicated how the events depicted in the novel can be read as an allegory of many issues faced by South Africa after 1990. The reasons for the renewed interest in the South African War can be summarised as follows: the centenary of the war; the Afrikaners' loss of political power after the first democratic elections in 1994; the Afrikaners' very public confrontation with collective misdeeds of the past that came to light during the testimonies given at the Truth and Reconciliation Commission hearings; and the prominence of violence and trauma throughout the history of South Africa.

Hereafter, an analysis of *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* is presented in which the relationships between the literary depiction of trauma and magical realism is explored. The analysis focuses on the epic elements of setting, narrator/focaliser and character. Through the analysis of the setting of the novel it is determined that the Brandwaterkom functions as a microcosm of Southern Africa during the South African War. Within this microcosm a number of traumas are depicted and explored, including mortality, accountability and responsibility (for misdeeds), as well as the infliction and experience of severe violence.

Through an analysis of the narrative of the character Frans, the character's own exploration of his responsibility for the misdeeds of Mentz's Wraakkommando is explored. This is viewed in relation to his experience of traumatic incidents. It is clear that Frans's traumatic experiences have caused a disruption in his personal narrative, which he has not yet been able accept. Through the depiction of the extreme violence Frans participates in, the romantic historiography of the South African War is undermined, while parallels are also drawn with the current high levels of crime in South Africa. In doing this, there is a clear attempt to understand violence itself, while also perhaps attempting to understand current issues in South African society.

In the analysis of Ounooi's narrative the focus is placed on the trauma of Ounooi's brush with mortality in her experience of the death her sister, Anne, and Anne's lover, Charlie White. Furthermore, the way in which Ounooi uses the idea of the physical wound to explain the lasting effects of trauma is also discussed.

Lastly, the characterisation of Mannetjies Mentz is explained through a comparison of Mentz as he is described in the different narratives of Frans and Ounooi. The allegorical nature of Mentz is discussed, and it is concluded that his position as the everyman holds wider implications for his wounding, scars, and complicity in a cycle of violence (in which he is both perpetrator and victim). Through his multiple magical characteristics, the characterisation of General Mentz becomes a more nuanced depiction of both collective and individual trauma. In the last part of the analysis, the idea of Mentz, Voss, and Niemann as a trinity of evil is used to further support the idea of Mentz as a nuanced depiction of human nature.

In conclusion, it is found that *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, with its magical-realist elements, is very effective not only as a text that seeks to understand not only the South African War and its traumas, but also as a text which involves the trauma of present-day South Africa on an allegorical level.

**Keywords:** trauma; trauma studies; magical realism; *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*; Christoffel Coetzee; Afrikaans literature; South African War

## 1. Inleiding en probleemstelling

In die middel- tot laat 1990's is die dominante tendense van hoofstroom Afrikaanse prosa onder meer beskryf as "geobsedeerd met die verlede", "'n Waarheidskommissie in die kleine" (Van Coller 1995a, 1995b, 1997) en "[bemoei] met die kollektiewe geskiedenis van die Afrikaner" (Human 1999:113).[1] Beide Human (1999:113) en Van Coller (2002:304) skryf hierdie tendens grootliks toe aan die sosiopolitieke veranderinge wat in 1994 deur demokratisering ingelui is en Human (1999:113) wys dan ook spesifiek op hoe die letterkunde 'n geleentheid tot die "herevaluering van [die Afrikaner] se kulturele identiteit" daarstel.

'n Aantal van die retrospektiewe werke wat rondom die tydperk van politieke verandering verskyn, gaan om met 'n spesifieke traumatiese tydperk in die geskiedenis van (Suid-)Afrikaners, naamlik die Suid-Afrikaanse Oorlog.[2]Voorbeelde in dié verband is onder andere Ingrid Winterbach se *Belemmering* (1990) en *Karolina Ferreira* (1993) (as Lettie Viljoen), asook *Buller se plan* (1999) en *Niggie* (2002), *Die reise van Isobelle* (1995) deur Elsa Joubert,*Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) deur Christoffel Coetzee, *Verliesfontein* (1998) deur Karel Schoeman, *Ons oorlog* (2000) deur Klaas Steytler, *Die swye van Mario Salviati* (2000) deur Etienne van Heerden en onlangs Sonja Loots se *Sirkusboere* (2011). Benewens hierdie romans verskyn daar ook talle populêre romans deur Eleanor Bakker, Jeanette Ferreira, en die meer onlangse *Fees van die ongenooides* (2008) deur P.G. du Plessis, gebaseer op sy suksesvolle TV-minireeks *Feast of the Uninvited.* Niefiksiewerke oor die oorlog is legio en sommiges, soos Albert Blake se *Boereverraaier* (2010) en *Boerekryger* (2012), is gemoeid met aspekte van die oorlog wat voorheen óf in die vergetelheid verdwyn het óf, waarskynlik om ideologiese redes, bloot geïgnoreer is.

Hierdie tekste benader die verlede vanuit nuwe invalshoeke, terwyl 'n aantal aktuele kwessies van postapartheid Suid-Afrika, soos geweld, korrupsie en nepotisme, ook betrek word (Van Coller 2002:304–5). Dit is opvallend dat hierdie parallelle uitbeelding van verskillende traumatiese gebeure (met name gebeure wat verband hou met geweld) uit die hede en verlede in die Afrikaanse prosa dikwels in 'n magies-realistiese vorm neerslag vind,

soos die geval is met die bogenoemde romans van Coetzee en Van Heerden. Dit gebeur ook in Van Heerden se roman *Toorberg* (1986), André Brink se *Sandkastele* (1995), *Duiwelskloof* (1998) en *Bidsprinkaan* (2005), asook Ingrid Winterbach se *Niggie* (2002). Nie al dié romans is gemoeid met die Suid-Afrikaanse Oorlog nie, maar elk verteenwoordig 'n kreatiewe (her)verkenning van Suid-Afrika se verlede; 'n verlede waarin geweld volgens Brink (2010) een van die grootste konstantes is. Die aanwending van magiese realisme in die uitbeelding van traumatiese gebeure en ervarings is dus nie ongewoon nie, want soos Van Coller (2006:110) tereg opmerk, is daar

thematisch in het magisch realisme weliswaar een grote diversiteit, maar zekere thema's keren voortdurend terug. Eén daarvan is dat van geweld en onderdrukking. Vooral prominente autoritaire figuren, zoals soldaten, politieagenten en al degenen die kunnen moorden en martelen komen vaak voor.

Heelwat navorsing is al onderneem oor die spesifieke aard van magiese realisme in die Afrikaanse letterkunde (Anker 2003, 2008; Botes en Cochrane 2006; Van Coller 2006; Smuts 2009). 'n Hele aantal ondersoeke is ook al onderneem binne die kader van traumastudie (Van Coller 1997, 2005, 2006; John 2000, 2006, 2008, 2010; Van der Merwe 2007, 2010; Human 2009; Ester, Van der Merwe en Mulder 2012). Hierdie artikel ontleed die uitbeelding van trauma in die roman *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998), 'n roman wat magiese kenmerke vertoon en ook, soos ek sal aantoon, deur die romangebeure wat om die Suid-Afrikaanse Oorlog wentel, kommentaar lewer op die postapartheidskonteks waarin die roman verskyn het. Uiteindelik wil hierdie artikel lig werp op

- die belang van die afgeslote ruimte waarbinne die romangebeure afspeel
- die gebruik van eerstepersoonsvertellers
- die uitbeelding van Mentz as alleman en die vereniging van drie karakters in een
- waarom magiese realisme geskik is om die trauma van oorlog uit te beeld.

## 2. Literatuuroorsig

### *2.1 Trauma*

Traumastudie het die afgelope twee dekades 'n belangrike ondersoeksrigting binne die geesteswetenskappe geword. Volgens Craps (2010:52) is die ontstaan van hierdie rigting 'n gevolg van 'n "etiese draai" wat in die 1980's in die geesteswetenskappe posgevat het.[3] Hierdie neiging het ook in wisselende mate bygedra tot die uitbreiding van ander geesteswetenskaplike navorsingsrigtings, soos byvoorbeeld postkoloniale studies. Pakendorff (2013) noem dat "belangstelling in dié verskynsel [trauma] die afgelope jare inkrementeel toegeneem [het] in die geesteswetenskappe, en dan veral onder literatuurwetenskaplikes". Vir die doeleindes van hierdie artikel sal 'n kort oorsig van traumastudie as ondersoekterrein onderneem word. Eerstens word trauma bespreek binne die konteks van die sielkunde en kultuurstudie, waarna die verband tussen trauma-ondersoeke en die letterkunde van nader beskou word.

*2.1.1 Sielkunde en kultuurstudie: die begrip* trauma

Traumateorie het ontwikkel uit die psigoanalise en die idee dat traumatiese ervarings die liggaam en psige kan skaad. Dit postuleer onder meer dat gebeure, wat fantasieë insluit, ’n diepgaande invloed kan uitoefen op nie net individue nie, maar ook gemeenskappe.

Jean-Martin Charcot en Sigmund Freud, twee figure wat ’n sterk invloed op die psigoanalise en die sielkunde gehad het, het hulle in die vroeë jare van traumastudie bemoei met die proses waardeur ’n herinnering in ’n psigologiese wond kan ontaard (Roth 2012:81). Freud het hom spesifiek daarop toegespits om die krag van (meestal onaangename) herinneringe te verminder sodat ‘n persoon uiteindelik daarmee kan saamleef. Dit is hieruit dat Freud sy bekende “talking cure” ontwikkel het – ’n proses waardeur ’n mens jou herinneringe (en drange) in verhouding tot die verlede situeer, in plaas daarvan dat jy poog om die wérklike verlede in die hede te rekonstrueer (Roth 2012:81). Dit was Freud se interaksie met soldate wat aan bomskok oftewel posttraumatiese stres gely het ná die Eerste Wêreldoorlog, wat hom gehelp het om sy begrip van wat trauma behels, te verfyn. Omdat die soldate telkens in drome en fantasieë teruggekeer het na die oorsprong van hulle pyn, was dit asof hulle nog nie klaar was met die traumatiese situasie nie – asof hulle in die gesig gestaar word deur ’n taak wat nog nie afgehandel is nie (Roth 2012:81).

Dit is egter nodig om in meer besonderhede te bepaal wat *trauma* beteken. In die bogenoemde geval van die Eerste Wêreldoorlog-soldate kan trauma verwys na verskillende ervarings wat met oorloë gepaardgaan – fisiese konflik en geweld (verwonding, marteling, verkragting, permanente liggaamskending, noue ontkoming aan die dood), gevangenskap (om gevange te word, maar ook om gevange te neem), verlies (aan vriende en kamerade, aan identiteit weens die konformerende aard van ’n militêre omgewing, aan mag), ens. Die bomskok waarna Freud vroeg reeds verwys het, is dus wat vandag bekendstaan as posttraumatiese stresversteuring (PTSV).

Volgens die Psigiatriese Vereniging van Amerika (APA) behels traumatiese ervarings wat tot PTSV kan lei, enigeen van die volgende:

exposure to war as a combatant or civilian, threatened or actual physical assault (e.g., physical attack, robbery, mugging, childhood physical abuse), threatened or actual sexual violence (e.g., forced sexual penetration, alcohol/drug-facilitated sexual penetration, abusive sexual contact, noncontact sexual abuse, sexual trafficking), being kidnapped, being taken hostage, terrorist attack, torture, incarceration as a prisoner of war, natural or human-made disasters, and severe motor vehicle accidents. (APA 2013:274)

Die konteks waarbinne hierdie soort ervarings plaasvind, is dus belangrik, omdat geweld (soos marteling en gevangenskap) nie altyd noodwendig traumaties is nie (dink byvoorbeeld aan die subkulture van BDSM). Granofsky (1995:8) beskryf ’n traumatiese ervaring as iets “which defies reason and a sense of order, cripples our ability to maintain a stable sense of reality, challenges our categories of understanding and consequently the model of the world by which we unconsciously operate”.

Soortgelyk stel Hermans (2010:10) dit dat traumatiese ervarings buite die normale ervaringsfeer staan, wat tot gevolg het dat hierdie ervarings onvoorstelbaar en onuitspreeklik word. Nie net kan traumatiese ervarings emosionele versteuring tot gevolg hê nie, dit kan ook op ’n kognitiewe vlak die mens se basisveronderstellinge versteur oor ’n betekenisvolle wêreld wat mense goedgesind is (Hermans 2010:10).

Vir ’n ervaring om as traumaties gereken te word, moet dit dus ’n ontwrigtende uitwerking op die slagoffer se normale daaglikse omgang met sy omgewing hê – ’n ontwrigtende uitwerking wat in slagoffers van PTSV dikwels manifesteer in ’n soort herbelewing van die trauma. Volgens Granofsky (1995:10) stem hierdie simptoom ruweg ooreen met die aanvanklike nabootsing van trauma wat kenmerkend is van traumaletterkunde. Dit is dus hier waar traumastudies met sy konsepte uit die psigoanalise oorgespoel het na die letterkunde en sy uitbeelding van menslike ervaring.

*2.1.2 Traumastudies en die letterkunde*

In ’n resensie van drie seminale tekste oor trauma wat in die middel-1990’s verskyn het (LaCapra 1994, Caruth 1995 en Tal 1996), noem Berger (1997:571) dat die groot gebeure van die 20ste eeu die mees voor die hand liggende rede vir die huidige belangstelling in traumanavorsing is:

[M]ost generally and perhaps most obviously, the late twentieth century is a time marked, indeed defined, by historical catastrophe. World wars, local wars, civil wars, ideological wars, ethnic wars, the two atomic bomb attacks, the cold war, genocides, famines, epidemics, and lesser turmoils of all kinds – these events, and the visual representations of these events, have in large part shaped contemporary […] modes of viewing the world. (Berger 1997:571–2)

Die simptomatiese nasleep van hierdie verskillende traumas skep volgens LaCapra (2001:ix) dringende probleme vir die representasie van die verlede en ook van begrip daarvan. Vervolgens kan dit gestel word dat literêr-kritiese benaderings wat hierdie probleme aanspreek, ’n groot deel van die voortdurende belangstelling in traumanavorsing verteenwoordig.

Om beter te verstaan wat die waarde van letterkunde in hierdie proses kan wees, kan verwys word na wat Eagleton (2006:3) beskryf as die “suggestive notion” van die literêre werk as “a problem-solving strategy, in which ideological contradictions are ‘processed’ by aesthetic devices in ways which then throw up new problems for the text, and so on in a continuous process of interaction”. Die literêre werk word daarom nie ’n spieël van die werklikheid nie, maar ’n toetsgrond vir idees. Die literêre teks word met ander woorde ’n ruimte waarin verskillende soorte traumas en die nagevolge daarvan op verskillende subjekte herleef kan word, maar ook vormend vanuit verskillende perspektiewe beleef kan word. Deur die aanpassing van konsepte uit die psigoanalise word dit dus moontlik om die kultuurproduk (hier die literêre teks) te ontleed om ’n panoramiese beeld van ’n spesifieke kultuur se opvattings oor trauma te vorm.

Indien die spesifieke Suid-Afrikaanse traumas van die afgelope 120 jaar oorweeg word en daar verder gekyk word na die langdurende sosio-ekonomiese en kulturele impak van hierdie gebeure, blyk dit volgens Berger (1997:571) en Van den Berg (2011:2) dat ondersoekers vandag ook die nasleep en representasies van hierdie gebeure as sentraal vir die interpretasie van persoonlike (die individuele) en wyer sosiale geskiedenisse (die kollektiewe) sien. Belangrik is egter dat *trauma* nie bloot ’n sinoniem vir *ramp* word nie, maar eerder ’n wyse om te begryp:

The idea of catastrophe as trauma provides a method of interpretation, for it posits that the effects of an event may be dispersed and manifested in many forms not obviously associated with the event. Moreover, this dispersal occurs across time, so that an event

experienced as shattering may actually produce its full impact only years later. (Berger 1997:572)

Hierdie benadering beklemtoon weer die waarde van literêre werke as kultuurproduk waardeur die aard van trauma deur representasie ondersoek kan word. Die feit dat die literêre teks altyd ’n *representasie* is (hoe nou dit ook by werklike gebeure, soos die Suid-Afrikaanse Oorlog, mag aansluit), veroorsaak wel dat daar nie ’n direkte korrelaat tussen historiese gebeure en die literêre teks is nie. Met *representasie* word daar verwys na wat Meijer (1996:1) beskryf as “alle in taal of beeld gevatte uitingen”, wat ’n bemiddelende aktiwiteit impliseer: “er is altijd iemand die de tekst, het beeld, de gedachte heeft gevormd” (1996:7). Volgens Ohlhoff (2003:80) “gaan dit vir [Meijer] nie net oor die inhoud van die representasie nie, maar ook oor die struktuur van die representasie waarin onder meer die rol van die spreker/verteller, fokalisator, intertekstualiteit, retoriese vrae en parallelismes belangrik is”. Alle representasie is dus ideologies getint.

Vertellings/narratiewe het implisiet ’n ordeningsfunksie, omdat gebeure deur die skepper van die narratief geselekteer word en op spesifieke wyse aangebied word om betekenis daaraan te verleen. Van der Merwe en Gobodo-Madikizela (2008:1) voer aan dat om te leef per definisie ’n vorm van vertelling impliseer. Só bepaal elke mens byvoorbeeld die belang van verskillende gebeure in sy/haar lewe en word daar struktuur, samehang en betekenis aan mens se bestaan gegee (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:6), waardeur die inhoud en struktuur van die narratief deur die vertellende bepaal word. In aansluiting by Granofsky (1995) en Hermans (2010) stel Van der Merwe en Gobodo-Madikizela dit dat traumatiese ervaringe kan lei tot ’n ontwrigting, oftewel ’n versplintering van so ’n geordende narratief (2008:6). Verder kan die ordening van mens se lewe in verband gebring word met kulture of groepsnarratiewe. Elke mens laat sy/haar lewensverhaal só in “patterns of existing discourses” pas, en sodoende word lewens as betekenisvolle en ordelike narratiewe voorgestel (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:2). Hier is dus nie net sprake van ’n individuele narratief wat deel is van ’n groter kollektiewe narratief nie, maar ook sprake van individuele en kollektiewe trauma wat die narratief kan versteur.

Die ondersoek van traumatiese ervaring en die representasie daarvan in literêre tekste het dus veelvoudige doeleindes. Caruth (1995:vii) beskryf die ondersoek van traumatiese ervaring as ’n “urgency” wat uiteindelik poog om lyding te verlig. Hier is dit opmerklik dat die dryfkrag van literêre trauma-ondersoeke aansluit by Freud se “talking cure” (immers ’n soort narratief) in dié sin dat dit poog om herinneringe volledig te verwerk. Hierdie proses kan vervolgens in verband gebring word met die herstel van ’n sin van orde in die ontwrigte wêreld waarin mens bestaan. Tog moet daar in gedagte gehou word dat die funksie van letterkunde nie beperk is tot ’n vorm van narratiewe terapie nie; sommige literêre tekste fokus juis op die feit dat daar nie orde te vind kan wees in die moderne wêreld nie. Ten minste op tematiese vlak moet die verband tussen trauma en letterkunde dus nie noodwendig as ’n tipe heling beskou word nie.

### *2.1.3 Die uitbeelding van individuele en kollektiewe trauma in die letterkunde*

’n Onderskeid kan getref word tussen individuele trauma (waar die traumatiese gebeurtenis ’n geïsoleerde, persoonlike trauma is) en die kollektiewe of gedeelde trauma (waar die traumatiese gebeurtenis omvattender van aard is en ’n merkbare impak op ’n samelewing en kultuur laat). Alexander (2004:1) gebruik die term *cultural trauma* om hierdie kollektiewe trauma te omvat:

Cultural trauma occurs when members of a collectivity feel they have been subjected to a horrendous event that leaves indelible marks upon their group consciousness, marking their memories forever and changing their future identity in fundamental and irrevocable ways.

Terwyl die verwerking van trauma op ’n individuele vlak kan geskied deur introspeksie en vertelling, waardeur die getraumatiseerde beheer oor sy/haar persoonlike narratief kan herwin, kan die verwerking van trauma in die kollektiewe geheue deur die skepping van literatuur geskied (Alexander 2004:6). Die interpretasie van literatuur, met sy hermeneutiese benadering tot patrone, word dus dikwels aangewend as ’n soort akademiese teenhanger vir ’n psigoanalitiese benadering tot die verwerking en begrip van trauma (Alexander 2004:6).

Die fokus moet dus nie slegs op enkele traumatiese gebeure val nie, maar ook op traumatiese *patrone*. Deur die interpretasie en herinterpretasie van “cultural symptoms – of the growths, wounds, scars on a social body, and its compulsive, repeated actions” kan ons telkens ’n beter begrip van trauma vorm (Berger 1997:572–3). Verder kan spesifieke traumatiese ervarings wat in die Afrikaanse prosa (Van Coller 2006:110) uitgebeeld word (sowel die individuele as die kollektiewe) ook as “kleine geschiedenissen” ondersoek word, waardeur traumastudie ’n “discourse of the unrepresentable” word (Berger 1997:573) wat ooreenstem met die kenmerkende representasie van gemarginaliseerde geskiedenisse in magies-realistiese tekste. Deur die literêre uitbeelding van individuele en kollektiewe traumas uit die verlede kan ons as lesers poog om tot ’n beter begrip te kom van die traumatiese patrone wat ’n spesifieke kultuur mag kenmerk. Sodoende kan ons die trauma moontlik beter begryp.

*2.1.4 Traumastudie in die Afrikaanse letterkunde*

Tussen 2000 en 2010 woed daar in die Afrikaanse literatuurkritiek ’n debat tussen Hennie van Coller (sien Van Coller 1997, 2005, 2006) en Phillip John (sien John 2000, 2006, 2008, 2010) oor wat John (2006) beskryf as die “terapeutiese imperatief”. Hiermee word verwys na die idee dat literatuur heling kan bring; ’n kwessie waarop navorsers soos Caruth (1995) heelwat klem lê. John beskou hierdie benadering as ’n soort kolonisering van die literatuurwetenskap deur die sielkunde. Ook Chris van der Merwe (2007, 2010) en Thys Human (2009) sou later verdere toeligting oor die kwessie bied. Human (2009:29) se gevolgtrekkings blyk vir die groter debat en vir hierdie ondersoek van waarde te wees, omdat hy aandui dat die sogenaamde terapeutiese imperatief nie noodwendig is nie. Human (2009:29) skryf oor *Niggie* van Winterbach dat die diep verlange van die karakters, asook die leser se verwagting van een of ander vorm van duidelike katarsis, juis ondermyn word deur die aard van oorlogstrauma soos dit in hierdie roman uitgebeeld word: “Die roman se trefkrag is veral daarin geleë dat die onsêbaarheid, onverwerkbaarheid en onintegreerbaarheid van slagoffers se lyding en trauma, nie net tematies nie, maar ook op strukturele en stilistiese vlak, geïllustreer word.” Heel teenstellend tot die leser se verwagtinge kan daar dikwels géén heling wees nie:

Wat traumahantering betref, word vertelling dus nie in *Niggie* as ’n voorwaarde of selfs waarborg vir heling en aanpassing gestel nie. Daar is die suggestie dat vermyding, liggaamlike vertroosting, trane, die bottel, maar ook kruid (tabak en veral andersins) in sommige omstandighede ook, of dalk eerder, die pyn van trauma kan verdoof. (Human 2009:29)

Van der Merwe en Gobodo-Madikizela (2008) ondersteun die idee dat literatuur heling kan bring, maar sê ook dat

the question could rightly be asked of whether the function of literature should be to heal, or perhaps rather to wound. Should the literary narrative not break down oppressive structures and false assurances; should it not confront the readers with the fate of the suffering and let them share some of the pain? Should literature soothe us, or should it wake us from our insensitivity? Perhaps literature has a dual function, of wounding as well as healing; it heals, but partly through wounding. (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:63–4)

Grootliks gebaseer op die gevolgtrekkings van Human (2009) maak John (2010:188–9) die voorstel dat duidelike voorkeur in literêre ontledings aan die estetiese gegee word – wat hy as meer betekenisvol beskou as die sogenaamde terapeutiese imperatief:

Teen die agtergrond van [...] genuanseerde perspektiewe op die geskiedenis en die menslike bestaan, lyk die optimisme van die terapeutiese perspektief met sy grootliks individualistiese ingesteldheid na ’n ietwat simplistiese reaksie op ’n komplekse situasie. As “soeklig” of “lens” vir die lees van letterkunde, lyk dit asof die perspektief noodwendig verskralend werk omdat dit nie in staat is om die kompleksiteit van ’n literêre teks as estetiese uiting, oftewel “Agtstekleurgekekkel”, [’n verwysing na gebeure in Etienne van Heerden se roman *30 nagte in Amsterdam*] te verreken nie.

Hierdie kompleksiteit van die wedywerende magte binne die teks (trauma, heling en etiek aan die een kant, en die estetiek van die literêre teks aan die ander kant) word ook behandel deur Langer (1977:264) in sy bespreking van die slot van André Schwarz-Bart se groot Holocaust-roman *Le Dernier des justes* (*Die laaste van die regverdiges*):

The novel should properly have ended here (the cacophony of fact into the antiphony), leaving the imagination of the reader-survivor with the responsibility of struggling toward a point of view; but Schwarz-Bart unaccountably – and unfortunately, I believe, for the aesthetic impact of the novel – felt compelled to add one more brief paragraph, in which he introduces the narrative voice, a projection of his own person, thinking that “Ernie Lévy, dead six million times, is still alive somewhere, I don’t know where ...”

Langer (1977:264) verduidelik ook die vreemde kompleksiteit geleë in die begrip van die bogenoemde magte wat saam binne die teks bestaan:

Such sentimentalism must be regarded as a lapse in artistic taste unless we explain it – and such irony would be consistent with the previous tone of the novel – as a last, compassionate tribute to the human imagination’s need to invent an echo in a universe that has passed into the chaos of moral silence.

Die uitsprake van beide John (2010) en Langer (1977) skets duidelik hoe die etiese draai, wat Craps (2010:52) as ’n kernelement van traumastudies beskou, probleme kan oplewer omdat die estetiek van die teks as kunswerk nie in literêre ontledings geïgnoreer kan word nie. Uiteindelik is daar ’n fyn balans tussen enersyds die teks en sy terapeutiese waarde en oogmerke, en andersyds die estetiese aspekte van teks, wat nie agterweë gelaat moet word nie.

Van den Berg (2011:1) benader postapartheid Afrikaanse traumaliteratuur vanuit ’n breër perspektief. Hy plaas dit binne die groter sosiopolitieke Suid-Afrikaanse konteks en identifiseer die Waarheids-en-Versoeningskommissie as ’n sterk invloed op verskeie afdelings van die Suid-Afrikaanse samelewing – ook die lettere. Met verwysing na die Waarheids-en-Versoeningskommissie vra hy wat die kollektiewe Suid-Afrikaanse

traumanarratief oor die algemeen vir die Afrikaanse deel van die samelewing beteken (of beteken het), en wat dit spesifiek vir die Afrikaanse letterkunde beteken (of beteken het) (Van den Berg 2011:2). Hy wys ook daarop dat die Afrikaanse skrywer in postapartheid Suid-Afrika soos die Duitse skrywer na die Tweede Wêreldoorlog in die posisie van oortreder staan (ten minste in terme van die breër sosiale diskoers) en dat hy/sy vanuit en binne-in ’n kultuur skryf wat deur sy apartheidsverlede gebrandmerk is (Van den Berg 2011:2).

Ook Burger (1999:10) wys op hierdie ooreenkomste tussen die Afrikaners na apartheid en die Duitsers na die Tweede Wêreldoorlog.

’n Aspek van die Afrikaanse letterkunde in die postapartheid era wat veral in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* aan bod kom, is die problematiese uitbeelding van die oortreder en die traumas wat met so ’n posisie gepaardgaan. Hierdeur is die literêre werk ’n toetsgrond om die leser te laat nadink, nie net oor die ervaring van die slagoffers van trauma nie, maar ook oor dié van die oortreders. Metz (2012:1022) identifiseer die problematiek van pogings tot die enigsins gekompliseerde uitbeelding van oortreders in traumanarratiewe wanneer hy sê dat

such efforts might lead to the “explanation” of [the perpetrators’] misdeeds by the author, followed by the “understanding” of their pathologies by the reader. This could then open the door to “excusing”, at least partially, their crimes, which might then serve to attenuate their responsibility for them.

Metz argumenteer dat meer genuanseerde uitbeeldings van oortreders geskep moet word, maar dat dit moet geskied slegs ten einde die leser/kyker te help om die traumatiese ervaring van die slagoffer beter te verstaan – nie om met oortreders te empatiseer en hulle optrede te probeer regverdig nie (2012:1037). Hoewel Metz spesifiek fokus op die Holocaust, wat spesifieke problematiese aspekte van literêre representasie inhou, kan ’n mens wel argumenteer dat so ’n voorskriftelike perspektief op die aard en funksies van letterkunde altyd verskralend sal werk. Die literêre teks, hoeseer dit ook al fokus op aktuele of historiese gebeure, bly immers ’n outonome teks wat juis onder meer ’n blik bied op die heterogene aard van menslike ervaring en verskillende subjekposisies. Hierdie problematiek word in die ontleding van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* verder bespreek.

Die literêre verkenning van die Afrikaner se verlede vanuit die perspektiewe van slagoffers en oortreders kan moontlik verdere verheldering oplewer wat betref die gevolge van kollektiewe trauma. Soos Van Coller (2006:110) identifiseer Van den Berg (2011:2–4) die neiging van die Afrikaanse skrywer om klein geskiedenisse te verken deur die “reimagining” en “retelling” – en wel nie die “reconstructing” nie – van die verlede. Van den Berg (2011:2–4) sluit aan by Van Coller (1997:11) wanneer hy daarop aandring dat die verlede nie herkonstrueer kan word nie, omdat so ’n herskepping nooit die waarheid sal kan weergee nie. Dit gaan dus eerder daarom om geleenthede te skep waardeur ’n stem aan die stemloses gegee kan word en dat die narratief daardeur ’n versoenende en terapeutiese waarde het, maar steeds nie kan aanspraak maak op die uitbeelding van volledige waarheid nie.

Brink (1996:17) bring hierdie fokus op die verlede in verband met politieke en maatskaplike verandering: “The need to revisit history has both accompanied and characterized the literature of most of the great ‘thresholds of change’, as Kenneth Harrow has called them – those periods in which, Santayana had it, ‘mankind starts dreaming in a different key’.” Brink

en Van den Berg se opmerkings dui daarop dat Afrikaanse skrywers sedert die 1990's "the old as a lens for the new" gebruik (Van den Berg 2011:4) en dat hulle dít wat voorheen nie voorgestel kon word nie – soos die traumatiese ervarings van slagoffers en daders – opnuut probeer verstaan.

*2.1.5 Trauma in* Op soek na generaal Mannetjies Mentz

In *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* dien die Suid-Afrikaanse Oorlog as sentrale trauma wat die karakters se lewens op verskillende maniere versteur. Hierbinne word die leser dus gekonfronteer met verskillende "kleiner" traumas van 'n individuele aard wat dikwels met oorlog gepaardgaan: geweld (of die dreigement van geweld) – wat betref die slagoffers en die daders; verlies (aan vryheid, eiendom, identiteit, naasbestaandes); die dood (van naasbestaandes, vyande of noue ontkoming daaraan deur 'n karakter self); en verantwoording en toerekenbaarheid ten opsigte van wandade tydens die oorlog gepleeg ('n soort trauma wat deur die oortreder ervaar word). Die nuanses van die onderskeie traumas word uitvoeriger in die ontleding van die roman uitgewerk.

Wat betref die onderskeie individuele traumas en die kollektiewe trauma, is die karakterisering van Mannetjies Mentz veral belangrik vir die uitbeelding van kollektiewe trauma, omdat hy as alleman voorgestel word. Volgens Van den Berg (2011:1) is daar 'n belangrike onderskeid wat getref moet word tussen trauma en die uitbeelding van trauma, veral wanneer dit handel oor 'n traumatiese historiese gebeurtenis wat afsonderlik deur elke slagoffer ervaar is, maar gevolglik saamgesmelt en vereenvoudig word in 'n kollektiewe narratief. Hierdie kollektiewe narratief is nie op sigself negatief nie, maar kan teenproduktief wees, omdat dit gebruik maak van stereotipering en oorvereenvoudiging – veral wat betref die aanwysing van die slagoffers, oortreders, skuld en boetedoening binne die narratiewe konteks (Van den Berg 2011:1–2). Mentz en sy verhaal as 'n soort kollektiewe uitbeelding word in die roman vanuit die verskillende perspektiewe van ander karakters weergegee, waardeur 'n omvattende beeld van Mentz aan die leser voorgehou word. In die ontleding van die roman sal daar dus aandag geskenk word aan Mentz se veelvuldige karaktereienskappe en hoe die roman se uitbeelding van trauma met die kollektiewe handel sonder om noodwendig te oorvereenvoudig wat die slagoffers, oortreders, skuld en boetedoening binne die verhaal betref.

### *2.2 Magiese realisme*

Hierdie artikel ontleed die uitbeelding van trauma in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998), met 'n spesifieke fokus op die magies-realistiese elemente in die roman. Die basiese kenmerke van die magiese realisme, asook die spesifieke eienskappe van die Afrikaanse weergawes van hierdie vorm, sal daarom hier bespreek word. Die omvang en fokus van hierdie artikel laat nie toe vir 'n diepgaande oorsig van bestaande teoretiese beskouings oor magiese realisme nie, en daarom word bloot die belangrikste aspekte hiervan wat relevant is tot die bespreking, uitgelig.

Bhabha (1990:7) skryf aan die begin van die 1990's dat magiese realisme besig is om "the literary language of the emergent post-colonial world" te word. Die verskyning van 'n groot aantal Afrikaanse magies-realistiese romans wat sedert *Toorberg* (1986) verskyn het, beaam Bhabha se stelling in die geval van 'n ontwikkelende Suid-Afrika. Letterkundes waarin hierdie literêre vorm aangewend word, vertoon 'n verskeidenheid tegnieke en temas. Die sentrale elemente van 'n magies-realistiese teks word goed vasgelê in die

seminale *Magical realism. Theory, history, community* (1995) onder redaksie van Lois Zamora en Wendy Faris.

Volgens Faris (1995:163) kombineer die magiese realisme “realism and the fantastic in such a way that magical elements grow organically out of the reality portrayed”. Volgens Van Coller (2006:107) is “[m]agisch [r]ealisme [...] dus een werk dat tegelijkertijd functioneert binnen de esthetica van het realisme en zich ertegen verzet”. Chanady (1985:27) bring die magiese realisme in verband met postmodernisme wanneer sy wys op die grensoorskrydende aard daarvan: “Magical realism belongs neither entirely to the domain of fantasy, by which we mean the creation of a world totally different from ours, nor to that of reality, which is our conventional everyday world.” Die magiese elemente word dus nie fantasties nie, omdat die bonatuurlike nie uitgebeeld word as “unacceptable and threatening to the world of reason” nie, en magiese realisme “juxtaposes two worldviews without establishing a hierarchy between them” (Chanady 1995:141). Hierdie vermyding van ’n hiërargie word bewerkstellig deurdat die skrywer gedetailleerde beskrywings van sowel die realistiese as die magiese daarstel, wat daartoe lei dat die leser begin twyfel oor welke tekstuele besonderhede magies en welke realisties is. Faris (1995:169) noem hierdie eienskappe twee van die vyf primêre elemente van ’n magies-realistiese teks. Die ander drie primêre elemente wat hy bespreek (1995:167–73), is “die voorkoms van magiese elemente (167), die ervaring by die leser van die saambestaan van twee wêrelde binne die teks (172)” en “die bevraagtekening van die tradisionele beskrywings van tyd, ruimte en identiteit (173)” (Anker 2003:222, met verwysing na Faris 1995).

Faris (1995:175–84) identifiseer ook ’n aantal sekondêre kenmerke. Veral die volgende is van toepassing op *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*: “woordspel (‘verbal magic’), die speel met taal en betekenis; die ervaring van die primitiewe, naïewe onskuld en verwondering (177); die metamorfose van elemente binne twee wêrelde (178); die plasing van die teksgebeure binne klein, burgerlike gemeenskappe (182)”; en “die werking van wat in Jungiaanse terme as die kollektiewe geheue en argetipes beskryf kan word (183)” (Anker 2003:223). Hierby voeg Anker (2003:223) dan ook “die voorkoms van eienskappe van die orale tradisie in storievertelling”. Brink (2010) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die magiese realisme hier te lande sekere ooreenkomste toon met die manifestasies daarvan in veral Suid-Amerikaanse letterkundes, maar hy beklemtoon ook dat “Africa has had its own form of magic realism in the long tradition of oral narrative which spanned many centuries” voordat dit ’n literêre vorm in Suid-Afrikaanse fiksie aangeneem het.

Ook Anker (2003:237) beklemtoon die spesifisiteite van die plaaslike variëteit van magiese realisme deurdat

ons te doen [kry] met die realiteite van die Suid-Afrikaanse situasie en geskiedenis: die rassestryd, apartheidstelsel, politieke geskiedenis, voortgesette rassisme, versoening, skuld, sosiopolitieke kommentaar en die aktualiteite van die hede waarin die tekste geskrywe is.

Anker (2003:237) se ontleding van ’n aantal Afrikaanse romans vestig ook die aandag op die groot verskeidenheid temas wat in Suid-Afrikaanse magies-realistiese romans aangeroer word:

Die geskiedenis waarna verwys word in hierdie tekste is die oorloë van die verlede, die ontdekkingsgeskiedenis van die land, die voorstelling van ’n gedeelde Khoi-San verlede, maar dan dikwels vertel vanuit verskillende perspektiewe, veral vanuit die van die gemarginaliseerdes (die vrou, die gekleurdes, dié wie se stem nooit gehoor is nie). Daarby

kom ’n spesifieke familiegeskiedenis, waarin die ineengevlegtheid van rasse en opeenvolgende geslagte beklemtoon word.

’n Laaste belangrike tema wat gereeld deur tekste aangeroer word – tekste wat weens ’n kombinasie van die bogenoemde as magies-realisties getipeer kan word – is “geweld en onderdrukking”, veral wanneer dit deur gesagsfigure soos soldate en polisiebeamptes gepleeg word (Van Coller 2006:110). Dit is belangrik om uit te wys dat hierdie geweld en onderdrukking tegelyk fisies en psigologies kan wees, maar ook óf die een óf die ander.

Die oogmerk van hierdie artikel is nie om *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* as magies-realistiese roman te ondersoek nie. Eerder word daar aandag geskenk aan die verband tussen magies-realistiese elemente in die roman en die roman se uitbeelding van trauma. Of die roman dus in dieselfde mate as byvoorbeeld *Die swye van Mario Salviati* as magies-realisties getipeer kan word, word nie in hierdie artikel ondersoek nie. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* word hier slegs geag as ’n roman wat beskik oor sterk magies-realistiese elemente.

Daar is onder die afdeling oor trauma onderskei tussen kollektiewe en individuele trauma. In die ontleding van die roman sal die beskouings oor trauma in verband gebring word met die verhaalelemente. Eerstens word daar gefokus op die ruimte van die Brandwaterkom as terrein waar verskillende individuele traumas uitgebeeld word. Hierdie individuele traumas is Frans se ervarings as lid van die Wraakkommando en Ounooi se ervarings met die dood van Anne en Charlie White. Tweedens volg ’n ontleding van die karakterisering van Mentz, Voss en Niemann, waardeur daar lig gewerp word op die verskeie fasette van die Mentz-karakter en die implikasies van Mentz as alleman. Laasgenoemde bespreek dus die kollektiewe denke oor skuld en die verlede.

## 3. Hernude literêre belangstelling in die Suid-Afrikaanse Oorlog

### *3.1 Die Suid-Afrikaanse Oorlog in die Afrikaanse letterkunde*

#### *3.1.1 Tussen 1899 tot 1994*

Tussen 1999 en 2002 was die 100-jaar-herdenking van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die afgelope dekade het ’n aantal navorsers daarop gewys dat dié herdenking die duidelikste rede vir die hernude belangstelling in die Suid-Afrikaanse Oorlog is (onder andere Van Coller 2002:304, Francken en Renders 2005:213 e.v., Van den Berg 2011:4).

Literatuur oor hierdie oorlog het egter sedert 1901 sporadies sy verskyning gemaak (Roos 1998:23). Die eerste geskrifte oor die oorlog was outobiografies van aard, is tydens die gebeure self geskryf, en handel dikwels oor die kommando- en ballingskapslewe (Roos 1998:23 en Swanepoel 1998:66). Eers ’n dekade later “word die oorlogstematiek as fiksie” (Roos 1998:23) en in die vorm van memoires aangebied (Swanepoel 1998:66). Swanepoel (1998:67) etiketteer die prosa van die tydperk tussen 1934 en 1948 as propagandadokumente weens die sterk Afrikanernasionalistiese inslag van baie van dié werke. Aansluitend stel Roos (1998:23–4) dit dat baie van hierdie vroeë fiksie oor die oorlog vanuit ’n beperkte en subjektiewe oogpunt geskryf is, sodat die leser met “vlekkelose helde en engelagtige heldinne” gekonfronteer word. Wessels (2011:196) vermeld ook dat die oorlogsromans uit hierdie tydperk “die stereotipe [sic] beelde van die goeie, heldhaftige bittereinder en slegte, lafhartige joiner beklemtoon. Francken en Renders (2005:214) voer

aan dat hierdie vroeë tekste die oorlog dikwels aanbied as 'n stryd tussen goed en kwaad, met die Boere as "de witte ridders", die Boervroue as lojale ondersteuners van hulle eggenote en seuns, terwyl die Britte as duidelik boos aangebied word.

Dit is belangrik om te noem dat hierdie ouer tekste die Afrikaners se gevoel van verlies aan outonomie uitdruk, aangesien die voormalige Boererepublieke van die Oranje Vrijstaat en Zuid-Afrikaansche Republiek na die oorlog saam met die voormalige Kaap- en Natal-kolonies die Brits-beheerde Unie van Suid-Afrika geword het. Die verlies was egter nie bloot 'n verlies aan politieke mag nie, maar toenemend het die Afrikaners ook gevoel hul taal, kultuur en identiteit word deur die nuwe bedeling bedreig. Onder ander redes dra die gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme waarmee die Afrikaners na die oorlog te kampe gehad het, dan veral by tot 'n ander prominente subgenre in die Afrikaanse prosa – die plaasroman. Roos (1998:37) en Kannemeyer (2005:73–4) voer egter aan dat die prosa tot en met Sestig – in teenstelling met die poësie – nie juis 'n terrein van literêre vooruitgang was nie.

Swanepoel (1998:71–2) beskou die tydperk tussen 1948 en 1980 as 'n "stilswye" wat die Suid-Afrikaanse Oorlog betref:

Gedurende hierdie tydperk word die Suid-Afrikaanse Oorlog in 'n baie groot mate slegs op die periferie van die gekanoniseerde (Afrikaanse) literatuur gerepresenteer. Dit is die populêre roman, die boekklubroman, triviale literatuur, wat steeds met temas uit die Suid-Afrikaanse Oorlog bly werk het en wat die breë Afrikaanse leserspubliek bly voer het met anti-Engelse sentimente.

Hy noem dan ook die enigste merkbare uitsondering tydens hierdie stilswye, naamlik die verskyning van Etienne Leroux se roman *Magersfontein, o Magersfontein!* (1976), waarin die mitiese aard van gebeure uit die kollektiewe verlede van die Afrikaner (hoofsaaklik die Slag van Magersfontein) gesatiriseer word (Swanepoel 1998:71–2). Die prosa van die 1980's is hoofsaaklik gemoeid met die verset teen die apartheidsregering en, hoewel nie in so 'n sterk mate soos laasgenoemde nie, ook die Suid-Afrikaanse Grensoorlog. Teen die 1990's word hierdie tematiek egter weer agterweë gelaat. Ferreira (2008) noem dat die letterkunde wat gemoeid was met die Grensoorlog, opgedroog het teen die einde van dié oorlog en met die ontbanning van die ANC in 1990: "Skrywers wat 'n jaar tevore nog intens verdeel was oor die Grensoorlog het [nou] meegedoen aan verhale, gedigte en dramas" oor die Suid-Afrikaanse Oorlog.

*3.1.2 1994 en verder: Die geval van* Op soek na generaal Mannetjies Mentz

Voorbeelde van die literêre fokus op die Suid-Afrikaanse Oorlog is reeds vroeër in die artikel vermeld. Dié herbesoeke is wel nie bloot populêre tekste in die goed-kwaad-trant van die vroeë werke oor die oorlog nie. Blake (2010:7–8) wys byvoorbeeld indirek op 'n belangrike fokusverskuiwing in die nuwe vlaag literatuur oor die Suid-Afrikaanse Oorlog wat sedert die 1990's verskyn het: "Die Anglo-Boereoorlog is immers nie net 'n verhaal van Boerehelde nie." Verder is hy van mening dat die Suid-Afrikaanse Oorlog 'n groter impak op die psige van die Afrikaner gehad het as wat dikwels erken word en dat dit daarom steeds 'n merkbare invloed uitoefen op die Afrikanerpolitiek (Blake 2010:7–8). Hier sal kortliks gekyk word na tersaaklike navorsing wat reeds oor *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* verskyn het.

Du Pisani (1999:106) stel dit dat Christoffel Coetzee in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* juis die beeld van die Suid-Afrikaanse Oorlog "as 'n 'gentleman's war' [negeer] deur

sy eksplisiete uitbeelding van menslike wreedheid en verwording tydens die oorlog". Ten tye van die verskyning van die roman is heelwat belangstelling geprikkel oor die feitelikheid van Mentz en sy Wraakkommando (Van Zyl 1999:11) – hoofsaaklik weens wat Van Coller (2011:688) beskryf as "outentifiseringstegnieke", waardeur die roman aangebied word as die saamgevatte navorsing van 'n amateurhistorikus. Die geskiedkundige Fransjohan Pretorius (1999:1) "beoordeel" die roman histories met die fokus op die figuur van Mannetjies Mentz en die dade van sy Wraakkommando, waardeur ondersoek ingestel word na die skrywer se "alternatiewe waarheid" oor die Suid-Afrikaanse Oorlog. Pretorius stel dit onder meer dat "[d]ie Boer van 1900 nog in besonder hoë mate 'n produk van die pre-industriële samelewing [was] en van sy sterkste kenmerke was dalk sy naïwiteit en sy godvresendheid. Van hom kan jy nie verwag om 'n Mannetjies, Voss of Niemann te wees nie" (Pretorius 1999:11). Volgens hom vat "Coetzee se roman [...] nie die kern van die Boerewaardes van 1900 raak nie" (Pretorius 1999:11). Uiteindelik kom hy tot die gevolgtrekking dat

Coetzee [origens] in gefiksionaliseerde vorm 'n aantal alternatiewe waarhede aan[bied] wat met omsigtigheid aanvaar kan word, mits ons besef dat dit volgens historiese dokumente nie die optrede van die deursnee-Boer van 1900 verteenwoordig nie. Indien Coetzee wel oor bronne beskik wat hierdie alternatiewe waarhede as norm vir Boere-optrede bevestig, is dit belangrik dat hy dit bekendmaak ten einde 'n heel nuwe perspektief op die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog te gee. (Pretorius 1999:16)

Pretorius se oogmerke en gevolgtrekkings word ongelukkig deurgaans ondermyn deur die feit dat *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* as Afrikaanse fiksie gepubliseer is, en nie as feitelike geskiedkundige werk oor die Suid-Afrikaanse Oorlog nie – talle lesers se aanname dat dit feitelik is desnieteenstaande. Om bewysbare historiese korrektheid van 'n fiksionele werk te verwag, is onregverdig en onnodig. Hierbenewens dui onlangse navorsing soos dié van Blake (2010) daarop dat 'n meer genuanseerde benadering gevolg moet word. Pretorius (1999) het gelyk dat dit onwaarskynlik is dat sulke uiterste geweld (dit is soos dit uitgebeeld word in Coetzee se roman) tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog plaasgevind het (ten minste nie waarvoor daar enige bewyse bestaan nie), maar dit is net so onwaarskynlik (en ongeloofwaardig) dat geen Boerekrygers wrede dade gepleeg het nie. Die roman poog nie om waarheidsgetrou te wees in die uitbeelding van die wreedheid van die Boerekrygers nie – veel eerder ondersoek die roman die aard van menslike wreedheid op 'n meer algemene en selfs universele vlak.

Daarbenewens kan mens ook melding maak van werke wat sedertdien verskyn het, soos Blake se*Boereverraaiers* (2010). Hierin word byvoorbeeld talle teregstellings van Boere wat om verskeie redes nie meer aan die oorlog wou deelneem nie, gelys. Die feit dat baie van hierdie teregstellings deur Boeregeneraals ondersteun is, verskaf 'n meer genuanseerde blik op die aard en optrede van sommige Boere tydens die oorlog. Die sprong na die soort wreedheid wat uitgebeeld word in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* is dus groot, maar lank nie verregaande nie. Enersyds bied die roman 'n korrektief deur 'n meer genuanseerde uitbeelding van die Boere (hulle was ook nie net goed nie), terwyl dit andersyds die aard van menslike wreedheid ondersoek – wat nie beperk is tot Boere of die Suid-Afrikaanse Oorlog nie. Die geskiedkundig-ongefundeerde *suspension of disbelief* in die roman is dus steeds effektief.

Human (1999:113) en Van Coller (2011:688) wys op die parallelle tussen *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*en die getuienis wat tydens die Waarheids-en-Versoeningskommissie gelewer is. Met hierdie parallelle "suggereer [Coetzee] dat soortgelyke geraamtes as wat deur getuienis voor dié kommissie uit die kas gehaal is, ook

ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Oorlog kan bestaan" (Van der Merwe 1999:107). Volgens Van Coller (2011:688) is dit juis te danke aan hierdie parallelle dat Coetzee in sy roman die hede deur die lens van die verlede kan bekyk. Swanepoel (1998:73) sluit hierby aan deur sy identifikasie van getuienis (*testimony*) as 'n belangrike aanduider van die parallelle tussen die Waarheids-en-Versoeningskommissie en die roman. Human (1999) toon aan dat Coetzee se roman nie slegs die nosie van waarhede oor die Suid-Afrikaanse Oorlog ondermyn nie, maar dat die hele konsep van "waarheid" nie ideologies onskuldig is nie. As sodanig vernietig *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* nie net sekere romantiese mites oor die oorlog self nie, maar wys dit dat "die hede altyd 'n vormende invloed het op dit wat as die waarheid ten opsigte van die verlede beskou word" (Human 1999:124). Burger (1999:108) stel dit soortgelyk dat dit moeilik is "om enigsins te weet of kennis oor iets wat in die verlede gebeur het, werklik opgedoen kan word", en dat enige kennis wat wel opgedoen word, "die produk van 'n selektiewe geheue" is wat "aangepas is by ideale".

Die skrywer se spel met feit en fiksie deur die skepping van 'n alternatiewe geskiedenis laat opsetlik vrae oor identiteit by die leser ontstaan. Swanepoel (1998:73) beskou dít as 'n postmoderne spel: "Dit is heel duidelik 'n narratiewe strategie waarbinne die grense van wat die waarheid en wat fiksie is, ernstig ondermyn word. Die enigste waarheid hier is, uiteindelik, die narratiewe waarheid, die waarheid wat slegs 'n roman kan skep." Renders (1999:127) noem dat *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* "'n onthutsende korrektief" bied op geromantiseerde, Afrikanernasionalistiese beelde van die Suid-Afrikaanse Oorlog en die Boerekrygers. Voorts beskou hy dit as "'n [r]adikale hersiening van die geskiedenis" wat "noodsaaklik [is] om die verborge kant daarvan te belig". Uiteindelik is hy van mening dat die roman die Afrikaner dwing om "sy eie hart van duisternis" te konfronteer. Hiermee lê ook Renders implisiet die verband tussen letterkunde (spesifiek Coetzee se roman) en die Waarheids-en-Versoeningskommissie, waardeur die letterkunde – om weer vir Van Coller (1995a, 1995b, 1997) aan te haal –"'n Waarheidskommissie in die kleine" word.

Die vermenging en verbuiging van feit en fiksie sal verder verken word in die afdeling waar die romangegewens ontleed word.

### *3.2 Sosiopolitieke redes vir hernude literêre belangstelling in die Suid-Afrikaanse Oorlog*

Die herdenking van die Suid-Afrikaanse Oorlog aan die einde van die 20ste eeu het om vanselfsprekende redes belangstelling in dié oorlog weer laat opvlam. Etienne van Heerden (1998) skryf dat dit "in Karel Schoeman se terme, ''n ander land' [is] waarna hunkerend, bespiegelend en onseker teruggekeer word; 'n mitologiese ruimte; 'n oordenkingsplek en Nagmaals-okkasie vir diegene wat hulself opnuut binne Suid-Afrika en sy hede moet posisioneer". Hiermee lê Van Heerden die vinger eerstens op die verlede as 'n onbekende ruimte wat gedomineer word deur die mites wat om politieke redes daaróór geverf is, en tweedens op die Afrikaners se nuwe sosiopolitieke posisie binne Suid-Afrika kort na demokratisering. Dit is egter nie al nie, want Van Heerden (1998) sien dit ook as "'n metafoor vir 'n klomp dinge wat ophoop en saamklos", wat "vra vir lostorring" en "'n toetsplek kan wees vir hoe ons met ons verlede omgaan"; "'n oefening in terugblik en besinning".

In die jare voor, tydens en sedert die honderdjarige herdenking van die oorlog word daar deur verskeie navorsers gewys op die verband tussen die hernude literêre belangstelling in die Afrikaner se verlede (spesifiek die Suid-Afrikaanse Oorlog) en die verhore en naloop van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (Van Coller 1995a, 1995b, 1997; Swanepoel 1998; Burger 1999; Human 1999; Barnard 2003). Swanepoel (1998:64) trek ook 'n direkte

verband tussen die tydperk kort na die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog en die jare kort na die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika:

Terwyl die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie besig is om sy werksaamhede af te sluit ongeveer twee jaar voor die einde van die twintigste eeu, word ons deesdae [...] daaraan herinner dat ’n soortgelyke tipe proses twee jaar na die aanvang van die eeu begin het: die ondertekening van die vredesooreekoms tussen en namens die Britse Ryk, enersyds, en die Oranje Vrystaatse en Suid-Afrikaanse Republieke, andersyds, aan die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog by daardie plek wat so ironies Vereeniging genoem word.

Die herhaling hier lê nie daarin dat die Afrikaner in albei gevalle een of ander oorwonne onskuldige slagoffer is nie, maar eerder dat daar in albei gevalle sprake is van die verlies van politieke mag deur die Afrikaner, soos Renders (1999:114) noem. Volgens Swanepoel (1998:65) is daar egter ’n belangrike verskil: anders as dit wat die Waarheids-en-Versoeningskommissie kon bereik, het die politieke situasie aan die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog “dit nooit moontlik gemaak dat daardie skendings institusioneel en sistematies ondersoek is nie” en ons kan “slegs deur *testimonies* in alle tipes literatuur ’n mate van begrip [bekom] betreffende die omvang van wantoestande in daardie oorlog”.

Die aard van die Waarheids-en-Versoeningskommissie het verseker dat die Afrikaners talle kere gekonfronteer is met die wandade wat tydens apartheid deur hul eie mense gepleeg is. Die gepaardgaande gevoel van skuld en skaamte word baie effektief deur Antjie Krog in *Country of my skull* beskryf wanneer sy vra: “What shall I do with this load of decrowned skeletons, origins, shame and ash?” (2002:128). Hierdie vraag suggereer egter meer as ’n skuldgevoel en skaamte. Dit ontbloot ook ’n behoefte om te verstaan, om die onvermydelike verlede te versoen met die hede, en dit is, soos Van Heerden (1998) dit het, “’n oefening in terugblik en herbesinning”.

Dit is nodig om die Afrikaanse letterkunde se obsessie met die verlede binne ’n breër konteks as bloot die sosiopolitieke posisie van die Afrikaner te beskou. André P. Brink (2010) merk op dat Suid-Afrika se letterkundes ’n ontstellende eienskap van die land verraai:

South Africa is a violent country [...] The briefest excursion into South African history would bear this out: in century after century, decade upon decade, layer upon layer, one discovers that violence is the one experience that touches and even defines everything. In this country we are all conceived and born in violence. And in all our writing, from Olive Schreiner and Sol Plaatje and Leipoldt and Langenhoven, a trail of blood stains our literature – in numerous contexts: history, folk tales, war memories, anecdotes, hunting exploits, and detective novels.

Brink (2010) stel dit voorts dat ons ’n tydperk van morele relativisme binnegegaan het – en onlangse Suid-Afrikaanse literatuur weerspieël dit: die eenvoudige “Biblical distinction between right and wrong, good and evil” het nietig geword. Tog is dit nie die blote uitbeelding van geweld as onderwerp van die letterkunde wat belangrik is nie, maar dit is veral die *vertel* daarvan wat belangrik is: “a movement away from the purely social scene towards the human and the individual nature of what is narrated [...] which may also imply a move from the socio–political towards the ethical and the subjective” (Brink 2010). Hy beskou hierdie proses as een van die rimpelgevolge van die Waarheids-en-Versoeningskommissie, wat sodoende ’n hele aantal stemme die geleentheid gee om te vertel van verledes wat voorheen uit die meesternarratief gelaat is (Brink 2010).

Hierdie beskouings van Brink (2010) suggereer iets oor die pogings tot versoening wat opgesluit is in herbenaderings tot die verlede. In hierdie opsig sluit hy aan by ondersoeke in sogenaamde "memory studies": "[P]ost–conflict nation building has become inseparable from the perceived need to come to terms with the divisive legacy of the past so as to generate solidarity or, at the very least, conditions for peaceful co-existence" (Rigney 2012:252). Die omvang en fokus van hierdie artikel laat ongelukkig nie ruimte vir 'n omvattende beskrywing van hierdie ondersoeksrigting en sy doeleindes nie. Kortliks kan daar wel gewys word op hoe "memory studies" met sy etiese benadering aansluit by trauma-ondersoeke. Volgens Rigney (2012:256) kan die verlede problematies wees omdat dit aanleiding gee tot die voortgesette vorming van maatskaplike verdeeldheid. Om hierdie rede moet wyses gevind word waarop kollektiewe herinnerings van die verlede konstruktief aangepak kan word met die hoop dat dit sal lei tot 'n regverdiger toekoms (Rigney 2012:256).

Samevattend kan die Afrikaanse letterkunde se hernude belangstelling in die gewelddadige tydperk van die Suid-Afrikaanse Oorlog toegeskryf word aan die volgende:

- die 100-jaar-herdenking van dié oorlog, wat die fokus opnuut op hierdie konflik geplaas het
- die Afrikaner se verlies aan politieke mag na die eerste demokratiese verkiesings in 1994, wat ooreenkomste toon met die tydperk na afloop van die oorlog
- die Afrikaner se konfrontasie met die misdade van apartheid soos dit herbesoek is in die openbare aard van die verhore van die Waarheids-en-Versoeningskommissie
- die geweld en trauma waarmee die verlede en hede van Suid-Afrika deurspek is, asook pogings om versoening te bewerkstellig in die lig van 'n steeds verdeelde land.

Pogings om die traumas van die verlede te verstaan mag terselfdertyd 'n poging wees om tot 'n beter begrip van 'n uitdagende hede te kom.

## 4. Ontleding van die roman

Binne die kader van magiese realisme en traumatiese ervaring word daar in hierdie afdeling eerstens gefokus op die belang van die ruimte in die roman as terrein vir die uitbeelding van trauma, met die klem op die Brandwaterkom as mikrokosmos vir hierdie uitbeelding. Daarna volg 'n bespreking oor onderskeidelik regverdiging, verantwoording en toerekenbaarheid, asook sterflikheid, soos dit deur die verskillende vertellers weergegee word. Laastens word die karakterisering van Mannetjies Mentz, Voss en Niemann bespreek, met die klem op die wyses waarop die sogenaamde bose drie-eenheid traumatiese ervaring vergestalt.

### *4.1 Teksstruktuur en -uiteensetting*

Hierdie artikel veronderstel die leser se bekendheid met *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Omdat die struktuur van die roman egter kompleks is – vier verskillende afdelings, elk met sy eie verteller – is dit nodig om hier 'n bondige opsomming van elk van die afdelings te verskaf.

Die eerste deel van die roman, "Inleidende redakteursnota: Op soek na 'n verlore generaal" (3), word aangebied as 'n soort navorsingsverslag deur 'n amateurhistorikus oor sy bevindinge rondom 'n figuur genaamd Mannetjies Mentz, wat na gerugte in die Suid-

Afrikaanse Oorlog geveg het. Die verslag dien as ’n inleiding tot die roman, gee die toon aan en verskaf aan die leser ’n aantal leidrade ten einde die karakter van Mentz te verstaan. Deel twee, “Wat vertel jy my nou, Soph?” (31), is die transkripsie van opnames wat gemaak is van die vertellings van Ounooi Roos (née Naudé), ’n Afrikaner-vrou wat tydens die oorlog as jong meisie vlugtig vir Mentz ontmoet het. Vanuit die perspektief van die jong Ounooi vertel deel twee van die Naudé- en Witsie-families se vlugtog na die Skuiltes in die Brandwaterkom, hoe hulle daar oorleef het vir die res van die oorlog en uiteindelik teruggekeer het na hul plaas. Dit is merkbaar dat Mentz en sy Wraakkommando ’n sterk impak het op die familie se tyd in die Skuiltes, hoewel daar slegs kortstondige direkte kontak met Mentz en sy manskappe is. Deel drie, “Oom Blink Frans neem die pen op” (147), is geskryf deur Frans Naudé aan sy suster Ounooi oor sy tyd as ’n lid van die Wraakkommando. Dit loop meestal parallel met die vertelling van Ounooi, maar fokus meer eksplisiet op die aksies van die Wraakkommando tydens die oorlog, asook na die oorlog. Die laaste deel, “Rofwerk van ’n militêre verslag van genl. Coen Brits aan genl. J.C. Smuts” (283), is ’n fiktiewe militêre verslag. Volgens die teks is die verslag ontdek tussen dokumente wat nagelaat is deur die voormalige generaal. Brits beskryf hoe hy op Mentz afgekom het in Duits-Oos-Afrika gedurende die Eerste Wêreldoorlog.

### *4.2 Die belang van ruimte vir die uitbeelding van trauma in die roman*

In magies-realistiese tekste is die storie en geskiedenis wat daarin vasgevang word, dikwels ondergeskik aan die ruimte (Anker 2003:233). Verder is daar “in die teks [...] dikwels ’n uitgebreide beskrywing van ruimtelike elemente met panoramiese uitsigte en letterlike stap-vir-stap-waarnemings deur die karakters” (Anker 2003:233), wat bydra tot gedetailleerde beskrywings van die ruimte waarin die magiese en realistiese elemente saam funksioneer. Dit moet genoem word dat ’n kleiner ruimte (in hierdie geval die Brandwaterkom) as metafoor vir ’n groter ruimte (in hierdie geval Suid-Afrika) nie noodwendig ’n ruimte as magies-realistiese element tipeer nie. Eerder kan ’n ruimte as magies-realistiese element onderskei word deur die gedetailleerde beskrywings van hierdie ruimte wat dien om die leser te oortuig van die geloofwaardigheid van magiese gebeure wat binne hierdie ruimte plaasvind.

Naamgewing is ’n belangrike tegniek in magies-realistiese romans, omdat die name van plekke dikwels geskiedkundige gebeure en kollektiewe herinneringe van ’n gemeenskap verteenwoordig (soos byvoorbeeld die dorp Tallejare in *Die swye van Mario Salviati* deur Etienne van Heerden) (Anker 2003:233). *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* speel meestal in herkenbare, werklike ruimtes af (anders as byvoorbeeld Van Heerden se roman), maar die name van plekke verrig steeds ’n belangrike funksie deurdat die woordspeling en moontlike dubbelsinnigheid van name verdere betekenisse aanneem. Voorbeelde hiervan is veral dan die Brandwaterkom en die “Skuiltes” waar die Naudé- en Witsie-families wegkruip, aangesien die meerderheid van die verhaalgebeure hier afspeel.

Anker (2003:233) noem dat die fokus op plaaslike gemeenskappe en geskiedenisse in magies-realistiese tekste dikwels “voorgestel [word] as en in verhouding met die veel groter geografiese en kulturele ruimte sodat dit metafories word van ’n land en ’n kultuur”. Reeds in die sogenaamde redakteursnota word daar na hierdie lokale fokus verwys wanneer die redakteur skryf dat “[d]ie roem van generaal Mannetjies Mentz [...] hoofsaaklik streeksgebonde [is]. Daar kan nou geargumenteer word dat ons ons daarom nie tot bronne kan wend nie” (10). Hierdie opmerking is een van die vroegste suggesties in die roman dat die vertelling eerstens gaan fokus op ’n spesifieke streek – die Brandwaterkom en sy

omliggende boerderygemeenskappe – en tweedens dat daar ’n opsetlike vervaging tussen feit en fiksie gaan wees.

In baie opsigte word die Brandwaterkom ’n mikrokosmos van Suider-Afrika gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die geografiese kenmerke van die Brandwaterkom – omring deur onderskeidelik die Wittebergen, Roodebergen en die Maluti-berge – laat toe vir die uitbeelding van klein gemeenskappe waar abnormale en magiese gebeure plaasvind; gebeure wat nie in ’n rasionele en logiese wêreld aanvaar kan word nie. Hierdie tegniek van afgesonderde gemeenskappe is volgens Faris (1995:182) ’n redelik algemene kenmerk van die magiese realisme. Die Naudés en Witsies se trek in die Skuiltes in word uitgebeeld as ’n reis van een wêreld na ’n ander. Eerstens beveel Ma dat Jan Witsie terugry plaas toe en alles wat agtergelaat is, brand (40). Tweedens begin die groep mense wanneer hulle in die Skuiltes aankom, op ’n klein afgesonderde gemeenskap lyk – onder die gesag van Ma: “Onder die Skuiltes sou Ma nie langer net vir haar huisgesin verantwoordelik wees nie [...] Sy sien besorg om na dertig, vyftig, sestig, ’n *stam* wat kom en gaan” (43, my beklemtoning). Later word groente aangeplant (49), fonteine word oopgegrawe (51) en daar word selfs klipmure gebou om die Skuiltes bewoonbaar te maak (52). Die allegoriese waarde en afgesonderde gemeenskappe van die Kom beteken egter nie dat dit bloot ’n eenvoudige kleinskaalse model van die groter gebeure van die oorlog word nie, maar eerder dat die Kom funksioneer as ’n mikrokosmos vir die uitbeelding van ’n aantal traumas – soos sterflikheid, verantwoording en toerekenbaarheid, asook ekstreme geweld – wat nie alleen tot hierdie oorlog behoort nie. Dit is deur hierdie traumas dat die parallelle tussen die roman en die Waarheids-en-Versoeningskommissie duidelik word, soos Van Coller (1997), Swanepoel (1998), Human (1999) en andere reeds aangetoon het.

### *4.3 Die individuele traumas van Frans en Ounooi*

#### *4.3.1 Frans en die Wraakkommando: verantwoording, regverdiging en toerekenbaarheid*

Die trauma wat gepaardgaan met verantwoording en toerekenbaarheid (wat dui op Frans se rol as oortreder), kom aan bod in die vertelling van die karakter Frans, in die derde deel van die roman. Hierdie vertelling neem die vorm aan van ’n reeks skrywes aan sy jonger suster, Ounooi. Frans, ’n lid van generaal Mentz se Wraakkommando, beskryf sy skrywes aan sy suster as “’n boetedoening” (147) en erken ook dat geleenthede vir sulke bekentenisse verminder soos hy ouer word – al bly die vrees vir vervolging hom by. Ten spyte daarvan dat Frans ’n duidelike behoefte uitspreek om vir iemand van die wandade te vertel waaraan hy deel gehad het (die*testimony* waarna Swanepoel 1998:63 verwys), ontken hy dat sy vertelling ’n vorm van terapie is, soos die traumadiskoers veronderstel. Hy sê naamlik dat sy herinneringe “niks werd [is] as ’n oorlewingstrategie nie” en dat dit “pure nostalgie” is (148). ’n Soortgelyke afkeuring ten opsigte van die waarde van orale narratiewe word in die redakteursnota deur die amateurhistorikus uitgespreek:

Ons kan die gebrek aan skriftelike nalatenskap van die “oorlogsgeslag” verskoon. Die waarde van die geskrewe woord was by hulle nog nie gevestig nie. Dit was ’n mondelinge gemeenskap. Eers met ons eie geslag vestig die geskrewe woord sigself (en twee geslagte later is ons nou weer *opgesaal* met ’n oordrewe klem op mondelinge oorlewering). Dit is die konteks waarbinne ek my ondersoek na generaal Mannetjies Mentz begin – ’n periode van nasionale heropbou. (3, my beklemtoning)

Hierdie laasgenoemde periode verwys natuurlik na die Waarheids-en-Versoeningskommissie, maar ten spyte van Frans se eie uitgesprokenheid oor die nut van

vertelling as enigsins ’n soort terapeutiese daad, toon sy herinneringe van sy dade tydens die oorlog wel dat hy steeds sy eie toerekenbaarheid en verantwoordelikheid probeer verstaan. In ’n poging om die Wraakkommando se wandade te probeer regverdig, verwys Frans telkens terug na die wyse waarop Mentz hul optrede (kollektief, maar ook as individue) regverdig het deur te veronderstel dat elke keuse en elke daad teruggevoer kan word na die waarde wat dit vir oorlewing inhou: “Herinnering, het die generaal iewers gesê, bevestig net die lewe as dit ingespan word as ’n manier om te oorleef” (148). Frans herroep een van Mentz se praatjies wat met sy propagandistiese inslag maklik parallel gestel kan word met die indoktrinasie van blankes in Suid-Afrika deur die apartheidsregime:

“As jy buitentoe kyk, verby die berge, dan hóór jy aanmekaar van die beskawing, en die handhawing van beskaafde norme, van die Geneefse Konvensie.
“Maar as jy buitentoe kyk, sién jy niks daarvan nie. Huise en dorpe brand terwyl hulle hulle mooi broodjies bak. Hoe kan iets ’n ‘norm’ wees as hulle dit met geweld handhaaf?

“Maar hiér binne […,] hiér in die berge bokant die Kom […] het ons die geleentheid om ’n tweede natuur tot norm te verhef.” (67)

Met “tweede natuur” verwys Mentz na die oorlewingsinstink, wat hy as sentraal tot die bestaan en aksie van die Wraakkommando sien. Die stand van sake “buitentoe” word onderhou deur geweld, maar heel ironies geld dieselfde vir die aksies van die Wraakkommando “hiér binne”: diegene wat nie meer wil veg nie, word wreed vermoor.

In terme van plek is hierdie toespraak ook van belang. Mentz se skepping van ’n nuwe samelewing binne die Brandwaterkom skakel op twee wyses met die magiese realisme: eerstens opponeer Mentz se samelewing die gesag van diegene buite die Kom, en tweedens verteenwoordig dit ook die konstruksie van ’n afgesonderde gemeenskap, soos ook die geval was met die Naudés en Witsies in die Skuiltes. (Die konsep van ’n afgesonderde gemeenskap en die wyses waarop ruimte dus bydrae tot ’n magies-realistiese teks, word op soortgelyke wyse in André P. Brink se *Duiwelskloof* (1998) ontgin.) Binne die mikrokosmos van die Kom vind beide magiese en realistiese gebeure plaas, byvoorbeeld wanneer Mentz, Voss en Niemann op magiese wyse in diere verander en hulle dade as hierdie uitgeteerde diere ’n duidelike spieëlbeeld van hulself word met die moorde op die Britse soldate en Boerekrygers wat nie meer wil veg nie. (Die argument waarom hierdie karakters se diervorme eerder as magies en nie simbolies nie geïnterpreteer moet word, word verderaan in die ontleding bespreek.) Ironies is die geweld van Mentz se “tweede natuur” veel erger as die geweld buite die Kom waarteen hy in opstand kom, en, op grond van die verskriklike letsels op Mentz se rug, was hy ook self ’n slagoffer van gruwelike wandade.

Uit Frans se argumentasie (oor generaal Mentz se praatjie aan sy manskappe net voor die aanvang van hul wandade in die Kom) kan die leser agterkom dat Frans wel die dade en Mentz se regverdigings bevraagteken. Ten spyte hiervan bly Mentz se argument vir Frans “so half en half ’n oortuigende argument” (169). Steeds wonder hy egter: “Spreek hy ons vry van blaam, wat ons ook al doen in ’n nog onbekende toekoms? Wat ons doen, dit doen ons uit tweede natuur, en, as ons gelukkig is, uit ’n ‘nuwe natuur’, ‘instinkte’. As dit ons nie van skuld vrystel nie, wat doen dit anders?” (169).

Die parallelle met die getuienis wat gelewer is tydens die verhore van die Waarheids-en-Versoeningskommissie is hier duidelik te bespeur.

Burger (1999:101) wys ook op meer direkte verwysings in ’n fiksionele uitspraak deur Koos de la Rey aan Mentz en sy Wraakkommando:

De la Rey beveel aan dat Mentz en sy groep liewer uit die land moet padgee totdat amnestie deur die Britte toegestaan word (259). Hy glo amnestie sal later kom aangesien die “Engelse (te) vol praatjies oor*reconciliation* en *nation-building*” is. Sy woorde “amnestie”, “reconciliation” en “nation-building” plaas die teks in die konteks van die WVK. (Oorspronklike kursivering)

Die fiktiewe dade wat hier bo ter sprake is, is tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog gepleeg. Daar word egter ’n sterk verband gelê tussen dié wandade en die wandade wat tydens apartheid gepleeg is. Die leser word dus hierdeur uitgedaag om ook meer krities om te gaan met vertellings oor die Suid-Afrikaanse Oorlog.

Dit kan nie uitgesluit word dat die roman moontlik as allegorie van die apartheidstruggle gelees kan word nie. Hoewel Frans en Ounooi se onderskeie vertellings ’n soortgelyke tydperk dek, verskil hulle ervarings merkbaar. Hierdeur kan die skrywer klem lê op die subjektiwiteit van vertelling (en getuienis), terwyl hy ook aantoon hoe verskeie traumas uit verskillende perspektiewe verken kan word.

Met sy beskrywings van hul geweldpleging verduidelik Frans dat die geweld hom en ander lede van die Wraakkommando aanvanklik erg ontstel het, dermate dat hulle daarvan siek geword het, maar Frans raak snel afgestomp vir sulke ekstreme geweld en sê selfs later: “Ons braak nie weer by die aanskoue van die volgende slagtings nie” (187). Verderaan sê Frans dan ook dat hy bladsye uit sy joernaal geskeur het – nie omdat hy nie spesifieke insidente kan onthou nie, maar omdat hy die dade nie meer aan ’n spesifieke plek en tyd kan koppel nie, wat weer eens daarop dui dat hy so afgestomp geraak het vir die geweld dat dit alledaags geword het (183).

Uit Mentz se eie situasie, sy praatjies en argumente kan afgelei word dat geweld siklies is en altyd meer geweld kweek wat noodgedwonge sal terugkeer (sien ook 204–5 en 247–8). Mentz was die slagoffer van geweld, en sy ervaring was wat hom aangespoor het om ook geweld teen andere te pleeg. Frans se eie struwelinge met sy aandeel in die optrede van die Wraakkommando is ’n pleidooi dat die traumas van ’n oorlog (soos dit ervaar word deur beide die dader en slagoffer) nie eenvoudig is nie en bowenal konteksgebonde is: “Besef jy nou dat die vrae oor allerhande ‘skuld’ buite orde is – sonder dat ek my eie blaam aan latere gebeure probeer vryspring? Ons ‘skuld’ kom nie só netjies in ’n pakkie opgemaak nie” (192).

Frans se woorde (spesifiek sy gebruik van “ons ‘skuld’”, in plaas van “my skuld”) kan dien as ’n waarskuwing teen oorvereenvoudigde kollektiewe traumanarratiewe – ook in die geval van oortreders. Omdat sy vertelling vanuit die onbetroubare perspektief van die eerstepersoonsverteller aangebied word, en dit duidelik blyk dat Frans self bewus is van die omvang en erns van sy wandade, kan daar egter nie maklik sprake wees dat Frans of die ander Wraakkommandolede “verskoon” kan word nie. Deur Frans se skuldgevoel oor sy dade en sy perspektief as dader (beide as individu en as deel van ’n geheel) bied die roman ’n genuanseerde begrip van hoe trauma nie net die slagoffers van geweld tref nie, maar ook diegene wat sulke dade pleeg.

Laastens moet oorweeg word hoe traumatiese ervaring gedurende die oorlog Frans se persoonlike narratief beïnvloed het. Dit is belangrik om te noem dat van die mees grafiese beskrywings van gewelddade in Frans se vertelling voorkom. Uit die verskillende soorte

trauma wat met oorlog gepaardgaan, is geweld dié traumatiese ervaring waaraan Frans die meeste blootgestel word. Hy beskryf self dat hy sukkel om die verskillende insidente van geweldpleging van mekaar te onderskei (183). Ten spyte daarvan dat daar dus al baie jare sedert die oorlog verloop het, kan Frans, wat nou deur ’n proses van verantwoording gaan, steeds nie ’n heeltemal koherente narratief van sy tyd in die Kom weergee nie. Ofskoon hy aanvoer dat hy afgestomp geraak het vir die geweld, is dit duidelik dat dit die ontwrigting van sy persoonlike narratief tot gevolg het.

Frans se verhaal bied ’n uitbeelding van uiterste geweld – ’n soort trauma wat ’n bloedspoor deur die Suid-Afrikaanse letterkunde laat (Brink 2010). Hierdeur ondermyn die roman nie net die romantiese historiografie van die Suid-Afrikaanse Oorlog nie, maar skep dit ook verbande met huidige hoë vlakke van geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing. Deur die roman as toetsgrond te gebruik om geweld en die gevolge daarvan so rou voor te stel, word daar teruggekyk na ’n traumatiese verlede met die doel om dit beter te verstaan. Terselfdertyd kan dit as ’n poging gelees word om deur die verbandlegging met die hede ook dalk iets meer oor huidige kwessies te verstaan.

*4.3.2 Ounooi: Sterflikheid*

Ounooi se vertelling verskil merkbaar van Frans s’n, omdat sy nog ’n jong kind was met die uitbreek van die oorlog. In baie opsigte is haar herinneringe van die oorlog onskuldiger, en ook naïef (nog ’n kenmerk van magiese realisme; Anker 2003:233). Terwyl Frans moord en doodslag met amper feitelike banaliteit benader, is die besef van sterflikheid een van die traumas wat die grootste uitwerking sou hê op Ounooi en op die ander kinders in die Skuiltes van die Brandwaterkom. In haar vertelling is daar aanduidings van hoe die dood van naasbestaandes ’n ontwrigtende uitwerking op Ounooi se psige en persoonlike narratief het.

Die eerste dood is dié van Charlie White, ’n Engelse verkenner wat deur die toedoen van die Wraakkommando ’n gevangene word in die Skuiltes, en ook later Ounooi se ouer suster, Anne, se minnaar word. Charlie se lewe kom tot ’n einde nadat hy gruwelik gemartel word deur Mentz se handlanger Niemann. Charlie se lyk, grotesk vanweë die marteling, is onherkenbaar vir die inwoners van die Skuiltes, soos Ounooi vertel:

Die ding daarbinne: snaaks, dit raak ons nie dadelik nie [...] Ná ’n eerste, én ’n tweede, derde kyk dink die meeste van ons nie meer aan die ding as ’n mens nie [...] Daar is geen manier waarop ons die ding met Charlie kan verbind nie [...] Ooreenkomste met menslike gelaatstrekke is só vergesog dat enige verband met ’n gesig ons verwys na afgryslike verbeeldingsvlugte, koorsdrome wat die grense van ’n normale gedagtegang te bowe gaan en versteur. (110–1)

Die verwysing na Charlie se lyk as “die ding” en die onvermoë om dit as Charlie te herken (en erken) is ’n voorbeeld van wat Kristeva (1982:1) die abjekte noem – die gevolg van ’n verlies aan die onderskeid tussen subjek en objek. Hierdie reaksie op die dood is tekenend van die ontwrigtende uitwerking wat hierdie trauma op slagoffers kan hê.

Die veel groter trauma vir Ounooi is egter Anne se selfmoord. Dié verteller verwys immers talle kere deur die loop van haar verhaal na Anne se dood. Die abjekte toestand van Charlie se lyk is van so ’n skokkende aard dat diegene wat dit sien, nie met hartseer of empatie kan reageer nie. Anne se lyk, daarenteen, is heeltemal herkenbaar, wat vir die kinders verwarrend is: “Anders as Charlie lyk [Anne] geloofwaardig lewend” (112). Anne se dood herinner hulle nie net aan hul eie sterflikheid nie, maar ook aan die verliese wat hulle gely

het. Deur Anne se dood te vergelyk met fisiese verwonding en heling, beklemtoon die verteller ook indirek die langdurende effekte van trauma. Anne se dood bly byvoorbeeld "[d]eur die oorlog deur [...] 'n rou seer, en daarna 'n letsel wat ons lewenslank sou dra" (33) en dit gaan nooit heeltemal weg nie: "Dit is egter te kort ná Anne se dood vir die daaglikse gemis om te verander in 'n litteken meer blywend as die seer [...] Dié letsel, dié dra ek nou langer as sestig jaar" en "As dit jeuk, dan krap ons die roof weg oor die jong wond tot die bloed weer loop" (118). Ook wanneer die hartseer nuus na 'n ander oorgedra moet word, word die metafoor van 'n seer gebruik. Toe Pa vertel moet word van sy dogter se dood, moet Jan Witsie "nou die dun roof oor die rou seer van ons allerhartseer met 'n stomp nael lig, en hy moet dit versigtig doen sonder dat dit weer aan 't bloei gaan" (126).[4]

Die fisieke wond as metafoor vir die psigiese wond en die telkense versteuring van hierdie wond kan ook dan gelees word as die verteller se verskeie pogings om hierdie traumatiese ervarings te verwerk en weer orde te bring aan die narratief. Dit is Anne se dood wat die inwoners van die Skuiltes toelaat om eindelik Charlie se dood te erken en verwerk, en weer orde te bring aan elkeen se narratief, soos Ounooi beskryf: "[D]aar besef ons dat die dood ewe verwarrend as die lewe is, en dis tóé dat die meeste van ons finaal besef die ding is Charlie. Én Charlie is dood" (112).

### *4.4 Karakterisering*

#### *4.4.1 Mannetjies Mentz*

Daar is al in die verlede gewys op die woordspeling van die naam Mannetjies Mentz (Van Zyl 1999:11, Barnard 2003:106–7 en andere). Die idee dat Mentz nie eintlik 'n afsonderlike persoon verteenwoordig nie, maar in baie opsigte die alleman voorstel, word reeds deur die amateurhistorikus in die eerste deel van die roman geopper: "Hoe gaan ons dus te werk om vas te stel wie Mannetjies Mentz was? 'n Moontlikheid is dat hy nie werklik Mannetjies Mentz heet nie, maar sonder om noodwendig 'n fiktiewe persoon te wees" (14). Hier vertel die skrywer vir die leser wat om van Mentz te verwag: hy is nie 'n persoon nie, maar hy verteenwoordig verskillende dinge en moet dus gedeeltelik as 'n simbool beskou word:

[W]as Mannetjies Mentz nie, byvoorbeeld, 'n soort "kollektiewe" eienaam nie, geskep met die uitsluitlike doel om 'n kapstok te wees vir 'n spesifieke soort optrede waarvoor niemand verantwoordelikheid wou aanvaar nie? Is dit ondenkbaar dat die naam "Mannetjies Mentz" geskep is met die spesifieke motief om aanspreeklikheid te ontsnap? Is dit ondenkbaar dat die sinsnede "die hand van Mannetjies Mentz" 'n manier is om toerekenbaarheid, moreel of andersins op te skort (of te verwys, of uit te stel, of oor so 'n breë omvang moontlik te versprei)? (15)

Mentz word die sondebok waaraan alle skuld, blaam en verantwoordelikheid vir gruwelike dade toegeskryf word. Hy verteenwoordig ook die onwilligheid van individue om verantwoordelikheid vir dade wat as deel van die kollektief gepleeg is, te aanvaar. Die Mentz-karakter funksioneer hier as 'n tipiese magies-realistiese element deurdat hy die leser se fokus op 'n kollektiewe geheue plaas. Natuurlik veronderstel 'n fokus op kollektiewe geheue nie noodwendig 'n magies-realistiese element nie, maar binne die konteks van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, wat reeds oor verskeie magies-realistiese elemente beskik, kan hierdie vestiging van die leser se fokus op die kollektiewe geheue as sodanig gelees word.

Ook hier is die parallel met die verhore van die Waarheids-en-Versoeningskommissie beduidend, omdat dié verhore individue die geleentheid gegee het om persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar vir die trauma en verwonding wat hulle veroorsaak het – al was dit dikwels as deel van die kollektiewe groep, deel van die "volk". As sodanig word Mentz as 'n versameling van boosheid werklik en onwerklik in sy vermeende bestaan en dien hy as 'n kollektiewe uitbeelding van verskillende traumas. Sy posisie as alleman word daarom ook deur die ander vertellers in die roman genoem.

Voordat Ounooi (deel twee) vertel van die eerste keer dat sy Mentz gesien het, wys sy op die dualiteit van sy bekendheid en onbekendheid: "Oor dié Mannetjies Mentz wat ons ander teëkom, kan ek jou maar skraps vertel uit eie sien en hoor, al voel ons ons ken hom uit ons drome soos die palm van ons hand ..." (54). In haar herinneringe van Mentz is daar 'n mate van afstand tussen haar en hom ("kan ek jou maar skraps vertel uit eie sien en hoor"), maar terselfdertyd erken sy dat sy hom baie goed ken ("soos die palm van ons hand"). Die verteller se laaste opmerking dui daarop dat Mentz die boosheid in elke mens verteenwoordig en die leser word uitgenooi om saam met Ounooi, die amateurhistorikus, Frans en Coen Brits na te dink oor kwessie van verantwoordbaarheid.

Uit die vertellings van Ounooi en Frans blyk dit dat ook Mentz se voorkoms gebruik word om hom as die alleman voor te stel. Beide hierdie vertellers merk (ironies) op dat wat hulle van Mentz onthou juis die onopvallendheid en onmerkwaardigheid van sy fisieke voorkoms is. Ounooi beskryf haar herinnering van Mentz as volg:

Wat ek van [Mentz] onthou, is dat hy só doodgewoon was, nie oud nie en nie besonder jonk nie, 'n eerste grys haar in sy stoppelbaard en 'n kortgeknipte militêre snor. As jy my nou na die kleur van sy hare en snorbaard vra, dan het dit my ontgaan. Dis maar net hare en stoppels. Hy is die soort man by wie jy in die straat sal verbystap – en juis dit sal die straat vir jou 'n veilige plek maak. Nie 'n aantreklike man nie, maar ook nie onaantreklik nie – een wat juis daarom vertroue inboesem, al ken jy die man van g'n Adamskant nie. Ek kan my nie eens die kleur van sy oë herinner nie – maar dit was nóg innemende, nóg kil of afwysende oë. (59)

Mentz se onopvallende voorkoms "gee inhoud aan die uitdrukking 'die man in die straat'" (59). Ounooi noem dat sy by nabetragting tot die besef gekom het dat iemand se voorkoms verraderlik kan wees: "Dis slegs jare later dat ons besef het die doodgewone en vertroulike en oënskynlik betroubare is dikwels onskeibaar van die ondeurgrondelike gesig van ons onbegrip" (59). Hierdeur beaam Ounooi dan ook die nosie wat deur die amateurhistorikus geopper word dat Mentz (die bekende en terselfdertyd onbekende man) 'n kollektiewe figuur mag wees wat gebruik word as sondebok vir die dade waarvoor ander nie verantwoordelikheid wil aanvaar nie. Deur hierdie bose karakter as so doodgewoon aan te bied, bring die vertellers die leser juis tot 'n beter begrip van boosheid, omdat "the everyday and seemingly ordinary are persistently unmasked to reveal something utterly unfathomable, inexplicable or grotesque at their very heart" (Brink 2010). Hierdie alledaagsheid waarna Brink verwys, is wat Hannah Arendt in haar seminale boek *Eichmann in Jerusalem* (1963) noem "the banality of evil".

As lid van die Wraakkommando spandeer Frans meer tyd saam met Mentz as enige van die ander vertellers in die roman. Tog beklemtoon hy Mentz se alledaagsheid; sy beskrywing van Mentz is vergelykbaar met die beskrywing wat Ounooi gee – dit skets Mentz as 'n alledaagse man wie se gelaatstrekke glad nie opvallend is nie.

Op die blote oog af het kommandant Mentz enige aandag ontsnap. Niemand kon hom as aansienlik of onaansienlik beskryf nie. Dít, dalk meer as enigiets anders, het in sy guns getel. Sy totale gebrek aan besonderhede, in-die-ooglopende kenmerke was sy mees besondere kenmerk. (160)

Ounooi se eerste ontmoeting met Mentz is wanneer hy deur sy manskappe na die Skuiltes gebring word nadat hy in die skouer geskiet is deur ’n Engelse soldaat (58). Die dualiteit van Mentz se karakter word hier verder verdiep deur sy fisieke ooreenkomste met Charlie White, ’n Engelse verkenner wat met ’n spesifieke doel deur die Wraakkommando gevange geneem word. Mentz gebruik sy onopvallende voorkoms en doen homself voor as White ten einde behandeling te kry by ’n Engelse militêre hospitaal op Bethlehem (63–6). Vir Ounooi is Mentz en White se ooreenkomste duidelik: “Mannetjies Mentz het gevra vir ’n man van vergelykbare ouderdom en liggaamsbou. Is dit waarom die kommandant en Charlie in my geheue grotendeels verwisselbaar is – ’n verwisselbaarheid wat sy eie ontsteltenis sou meebring?” (63). Hierdie ooreenkoms hou nie net verband met sy voorkoms nie. Die verteller noem dat Mentz met White Engels gepraat het “asof hy dit aan moedersknie geleer het” (63). Mentz ondergaan dus ’n gedaantewisseling en transformeer homself heeltemal in ’n ander persoon. Sy byna bonatuurlike vermoëns word verder ondersteun deurdat sy een handlanger, Niemann, glo dat hy (Mentz) onsterflik is, soos Ounooi (62) en Frans (195) onderskeidelik vertel. Die karakter se gerusstellend-bekende voorkoms, asook sy fisieke ooreenkoms met Charlie White – wat ’n geliefde van die Naudés en Witsies word gedurende sy tyd in die Skuiltes – herinner die leser weer aan die amateurhistorikus se vraag oor Mentz as ’n “kapstok” waaraan allerhande wandade gehang kan word (15). Hierdie gelykstelling van White en Mentz suggereer baie sterk die idee dat hulle verskillende gesigte van dieselfde entiteit is. Met Mentz as alleman verteenwoordig dit dalk elke mense se vermoë om goed en boos te wees.

Die geloofwaardigheid van Mentz se transformasie word moontlik gemaak deur die gebruik van verskeie vertellers. Die roman het ten tye van publikasie heelwat lesers oortuig dat dit geheel en al feitelik is (Van Zyl 1999:11), maar daar is ook al aangedui dat die roman nie heeltemal akkuraat omgaan met die feite en gebeure rondom die Suid-Afrikaanse Oorlog nie (veral wat betref die datums van gebeure, die blote bestaan en dade van die Wraakkommando, ens.; sien Pretorius 1999). Die skynbare geloofwaardigheid van die romangebeure is moeilik om te bevraagteken, juis omdat die eerste verteller (die amateurhistorikus) met ’n mate van gesag oor die onderwerp praat, die tweede en derde vertellers vanuit ’n posisie van direkte deelname rapporteer, en die laaste verteller ’n werklike historiese figuur is wat met ’n ander baie bekende historiese figuur korrespondeer. Verder het Ounooi en Frans as vertellers ’n baie sterk invloed op die leser se persepsie en die karakterisering van Mentz.

Terwyl eerstepersoonsvertellers dikwels aangewend word juis omdat hulle ’n baie subjektiewe en beperkte perspektief op die gebeure bied, word hierdie subjektiwiteit in die geval van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* op ’n positiewe manier aangewend deur die ooreenstemmende beskrywings van Mentz deur Ounooi en Frans. Sodoende word die beeld van Mentz as werklike figuur by die leser ingeprent. Anker (2003:234) wys ook daarop dat die magiese realisme dikwels staat maak op ’n baie betroubare verteller: “[D]ie subjektiewe waarneming van die skrywer (verteller) word op die voorgrond gestel; die eie outentieke belewing is ’n groter waarborg vir waarheid.” Die geloofwaardigheid wat dus deur die twee betroubare vertellers (wat mekaar se weergawes ondersteun) in die roman geskep word, het ook ’n invloed op sommige van die magies-realistiese elemente in die roman deurdat die leser minder twyfel oor die magiese.

Aanvanklik het die mense in die Skuiltes volgens Ounooi min respek vir, of simpatie met, Mentz: "En dit was die eerste en enigste keer dat ek werklik in die siel van die kommandant kon sien, dat hy nie sou skroom om met die lewens van vroue en kinders 'n ooreenkoms te verseël nie" (66). Die skets van Mentz se voorkoms, en sy ooreenkoms met White, word ook belangrik vir Mentz as allemansfiguur, omdat dit die karakters in die Skuiltes toelaat om juis met Mentz te simpatiseer, ten spyte van hul kennis van sy bose kant. Wanneer Soph (Ounooi se ouer suster) byvoorbeeld vir Mentz, Niemann en Voss in hulle dierlike gedaantes sien en die volgende oggend die spore gaan volg, sien sy in haar gedagtes hoe die honde laag buk

oor die sand met 'n skuldige terugkyk-terugkyk verby hulle gekromde rugge, al vier pote bymekaar, om van hulle kos onslae [sic] te raak. En in Soph se gedagtes draai die kleiner en minder opsigtelike hond [Mentz] sy kop oor sy ander blad toe hy sien dat sy hom dophou. Nou is hy die vernedering gespaar dat sy sien hoe hy hom teen sy natuur in op drie bene probeer balanseer. 'n Groot jammerte oorval Soph. (89)

Mentz en sy Wraakkommando betree die Skuiltes oorspronklik met die hoop dat Ma hom sal kan genees. Voordat hy later na die militêre hospitaal vertrek, word die leser die eerste maal voorgestel aan die fisieke trauma aan Mentz se liggaam wat – anders as sy voorkoms – hom van ander mans onderskei. Ounooi merk op dat dit 'n wonder is dat die pyn van die letsels op Mentz se liggaam nie sy voorkoms beïnvloed nie, en dat hy "meer as sy deel pyn het waarmee hy daagliks saamlewe" (59–60). Die letsels word in besonderhede beskryf en daar word genoem dat sy oorspronklike wonde baie ernstig moes gewees het, dat dit lank gelede gebeur het en dat "[d]ie óú pyn [...] sy lewe [rig]" (60). Die wyse waarop Mentz die wonde gekry het en wanneer, word nooit verklap deur Voss of Niemann nie, maar hier word dit duidelik dat dit 'n groot invloed op Mentz gehad het en moontlik die rede kan wees waarom hy, self 'n slagoffer van ekstreme geweld, die siklus van geweld in die Brandwaterkom voortsit.

As mens glo dat Mentz verteenwoordigend is van meer as net 'n enkele persoon, en dat hy as alleman beskou kan word, hou dit wyer implikasies in vir Mentz se verwonding, sy letsels, en sy aandadigheid in 'n siklus van geweld waarin hy slagoffer sowel as oortreder is. Deur sy magies-veelvuldige karaktereienskappe word die bose generaal Mannetjies Mentz ook 'n meer genuanseerde uitbeelding van trauma – kollektief maar ook individueel.

*4.4.2 Die drekgod: Mentz, Voss en Niemann*

Die karakters van Voss en Niemann vergesel Mentz deur die meeste van die gebeure in die roman. Soos Mentz s'n, is ook hulle verledes onbekend, maar hulle weet wat die oorsaak van die letsels op Mentz se rug is (60). Die omvang van hierdie artikel laat nie 'n diepgaande ontleding van hierdie twee karakters toe nie, maar daar sal kortliks aandag geskenk word aan hoe hulle funksioneer binne die magies-realistiese wêreld van die roman en hoe hulle aangewend word ter ondersteuning van die karakterisering van Mentz.

Die eerste keer wat die magiese dualiteit van die driemanskap Mentz, Voss en Niemann in besonderhede beskryf word, is deur gerugte wat Jan Witsie mondelings aan Soph oordra. Witsie hoor hierdie gerugte van die Basotho's wat as wadrywers vir die Engelse in die Kom werk (78). Die wyse waarop hierdie verhaaltjies oor die mitiese honde (Mentz en Niemann) en die jakkals (Voss) oorgedra word, is 'n eienskap wat tipies van magiese realisme is (Anker 2003:233), maar dit is ook kenmerkend van 'n orale Afrika-tradisie wat nie

noodwendig verbind hoef te word met die magiese realisme soos dit in Suid-Amerikaanse fiksie ontwikkel het nie (Brink 2010).

Die drie diere word gesien wanneer hulle die plekke waar die Wraakkommando ’n slagting gepleeg het, besoek (78–9) en word deur Soph beskryf as die “drekgod” (80) – ’n Bybelse verwysing wat Soph kontrasteer met die nosie van die goddelike Drie-Eenheid (87–8). Die leser ontvang ’n aantal wenke dat die drekgod ’n samevoeging van Mentz, Voss en Niemann is. Die duidelikste hiervan is die naam Voss – wat ’n soortgelyke dier aan ’n jakkals is. Daar is ook Mentz se eie opmerkings oor Niemann (sinspeling op *nie-man* – dit wil sê die karakter se onmenslikheid). Lojaliteit – ’n kenmerk wat allerweë met honde geassosieer word – word ook deur Frans in verband gebring met Niemann: “Dié vaste punt is sy [Niemann se] lojaliteit aan die kommandant [Mentz]” (177). Niemann word ook beskryf as “’n lojale kêrel” en “’n jagdier” met ’n slag om ander se spore te volg wanneer Mentz hom so beveel (65).

Die leser kan die figure van die menslike Mentz, Voss en Niemann aan die diere verbind deur die beskrywings van die karakters in hulle onderskeidelike vorme. Ounooi beskryf Voss (as ’n man) as ’n “netjiese, lang man met sy goedversorgde moestas en blink kamaste. Hy dra ’n skoon, wit hemp met ’n plat kraag en ’n strikdas daaronder” (55). Jan Witsie se beskrywing van die jakkals weerspieël Voss se onberispelike voorkoms: “Die jakkals is ’n pragdier, met ’n blink vel en lang hare” (80).

Niemann (as ’n man) word deur Ounooi beskryf as ’n man wie se “digte baard [...] aaneenloop met sy deurmekaar oë” en hy vorm sy woorde as “iets tussen ’n kwylstotter en ’n gesis” (55). Voorts noem Ounooi dat “[w]aar jy die een [Voss] deur ’n ring kan trek, is sy maat net die teenoorgestelde” (56). Niemann is ’n “reus” (55) met ’n haaslip wat vermink is deur ’n dokter wat dit probeer regstel het, met die gevolg dat een van Niemann se slagtande altyd sigbaar is. Die vel onder sy een oog is boonop styfgetrek, wat hom ’n pap-oog gee (56). Niemann se hondevorm is ewe weersinwekkend: “’n reusagtige reun, so groot soos ’n jong kalf [...] [D]ie mees opvallende van die dier [...] is sy geskende snoet [...] Die bolip is byna heeltemal aan die een kant van die snoet weggeskeur, tot teen sy oog wat weens die ou besering half toegeswel is”, en soos Niemann in sy menslike vorm is die hond se een slagtand altyd sigbaar (80).

Mentz se voorkoms as man is reeds in die voorafgaande afdeling bespreek en daarom sal hier slegs op sy voorkoms as dier ingegaan word. Soos met sy menslike vorm is Mentz – die gevaarlikste en belangrikste lid van die bose drie-eenheid – die onopvallendste van die drie diere. Die enigste fisieke eienskap wat hom van die ander honde onderskei, is die wonde op sy rug, wat ooreenstem met die letsels op Mentz (as man) se rug: “Die rug van die een hond is sonder hare, as gevolg van onooglike littetekens wat soms plek-plek etterend deurbreek; andersins is die hond van gemiddelde grootte, sonder enige uitstaande kenmerke” (80). Die kleiner hond het ook ’n beseerde poot, wat ooreenstem met Mentz se koeëlwond in sy skouer (88). In Witsie se vertelling is daar ook ’n gedeelte wat ooreenstem met Ounooi se opmerking oor die boosheid wat Mentz verteenwoordig. Ounooi stel dit dat “die doodgewone en die vertroulike en oënskynlik betroubare [...] dikwels onskeibaar van die ondeurgrondelike gesig van ons onbegrip [is]” (59). Soortgelyk noem Witsie dat ten spyte daarvan dat die hond baie gewoon is (“’n regte werfhond”), sy voorkoms verraderlik is, want “soos met ’n werfhond, misgis jy jou deeglik” (80).

Die geloofwaardigheid van die transformasies wat ondergaan word deur Mentz, Voss en Niemann van mens na dier word verhoog deurdat die Basotho’s en Jan Witsie daarin glo, maar ook deurdat Soph die honde en jakkals sien en hulle uitwerpsels vind (88–9). Hierdie

tipiese kenmerk van die magies-realistiese vorm – wanneer die leser ’n stelselmatige onsekerheid ontwikkel oor welke insidente werklik en welke insidente magies is – is duidelik teenwoordig in *Op soek generaal Mannetjies Mentz*, veral met betrekking tot die dierlike vorme van Mentz, Voss en Niemann.

## 5. Gevolgtrekking

*Op soek na generaal Mannetjies Mentz* betrek deur sy uitbeelding van traumas gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog allegories ’n aantal traumas van ’n hedendaagse Suid-Afrika. Deur ’n ontleding van die roman is daar gewys hoe veral die epiese elemente van ruimte, verteller/fokalisator en karakter in die teks funksioneer ten einde hierdie uitbeelding te bewerkstellig. Die ruimte van die Brandwaterkom kan gelees word as ’n mikrokosmos van die groter gebeure van die oorlog in sy geheel. Binne hierdie mikrokosmos transformeer Mentz, Voss en Niemann in magiese diergedaantes, waardeur die wreedheid van die dade van die Wraakkommando uitgebeeld word. Die geloofwaardigheid van hierdie magiese gebeure word ondersteun deur die gebruik van die verskillende vertellers. Deur die voorstelling van die ervarings van die vertellers Ounooi en Frans word daar ook gekyk na die traumatiese ervarings – beide individueel en kollektief – wat gepaardgaan met ’n bewuswording van sterflikheid en ’n drang tot verantwoording, regverdiging en toerekenbaarheid. Daar is aangetoon hoe die karakterisering van Mentz en die simboliese voorstelling van hom as alleman vorm kry in die vertellings van Ounooi en Frans. Spesifieke aandag word geskenk aan Mentz as verteenwoordigend van ’n kollektiewe geheue. Daar word bevind dat *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* met sy magies-realistiese elemente uiters effektief is as ’n teks oor die trauma van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Hierdie verkenning van trauma uit die verlede word deurgevoer na die trauma van die hede deurdat die roman op allegoriese vlak ook die trauma van postapartheid Suid-Afrika verken, insluitend geweld en die konfrontasie met skuld aan wandade van die verlede.

Christoffel Coetzee se roman handel oor ’n traumatiese tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Deur die aanwending van die Brandwaterkom as ’n mikrokosmos word verskillende vorme en nagevolge van trauma, beide kollektief en individueel van aard, uitgebeeld deur die magies-realistiese verhaalelemente. Dit blyk dat die magies-realistiese vorm ’n effektiewe lens is waardeur hierdie land se herhalende trauma verken is en steeds verken kan word.

## Bibliografie

Alberts, M.E. 2007. ’n Eiesoortige Afrikaanse magiese realisme na aanleiding van die werk van André P. Brink en Etienne van Heerden. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Johannesburg.

Alexander, J.C. (red.). 2004. *Cultural trauma and collective identity*. Berkeley: University of California Press.

American Psychiatric Association. 2013. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders*. 5de uitgawe. Arlington: American Psychiatric Publishing.

Anker, J. 2003. Aspekte van die magiese realisme in enkele Afrikaanse romans. *Stilet*, 25(1):221–41.

—. 2008. Magiese realisme en die religieuse in *Bidsprinkaan*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 45(2):5–19.

Arendt, H. 2006 [1963]. *Eichmann in Jerusalem. A report on the banality of evil*. Londen: Penguin.

Barnard, L. 2003. Die psigologiese identiteit van die bose: Lacan, aggressie en *Op soekna generaal Mannetjies Mentz*. *Literator*, 24(2):105–23.

Berger, J. 1997. Trauma and literary theory. *Contemporary Literature*, 38(3):569–82.

Bhabha, H.K. 1990. *Nation and narration*. Oxford: Routledge.

Blake, A. 2010. *Boereverraaiers: Teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad: Tafelberg.

Boothroyd, D. 2013. *Ethical subjects in contemporary culture*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Botes, N. en N. Cochrane. 2006. ’n Ondersoek na die kunstenaarskap in *Die swye van Mario Salviati* binne die konteks van die magiese realisme. *Stilet,* 27(3):27–49.

Brink, A.P. 1996. Reinventing a continent: Revisiting history in the literature of the new South Africa: A personal testimony. *World Literature Today*, 70(1):17–23.

—. 2010. Jan Rabie / Marjorie Wallace lecture: Ground zero – the South African literary landscape after apartheid.*LitNet*. http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=93264 (14 Mei 2013 geraadpleeg).

Burger, W. 1999. Yster Swart, Mannetjies Mentz en Eugène de Kock: Tekstualisering van die Afrikaner booswig.*Stilet*, 11(2):99–112.

Caruth, C. (red.). 1995. *Trauma: Explorations in memory*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Chanady, A. 1985. *Magical realism and the fantastic.* New York: Garland Publishing.

—. 1995. The territorialization of the imaginary in Latin America: Self-affirmation and resistance to metropolitan paradigms. In Zamora en Faris (reds.) 1995.

Coetzee, C. 1998. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Kaapstad: Queillerie–Uitgewers.

Craps, S. 2010. Wor(l)ds of grief: Traumatic memory and literary witnessing in cross-cultural perspective. *Textual Practice*, 24(1):51–68.

Du Pisani, K. 1999. “Volkshelde”: Die Boerekrygerbeeld en die konstruksie van Afrikanernasionalisme. *Literator*, 20(3):87–111.

Eagleton, T. 2006. *Criticism and ideology. A study in Marxist literary theory*. Londen: Verso.

Ester, H., C. van der Merwe en E. Mulder. 2012. *Woordeloos tot verhaal. Trauma en narratief in Nederlands en Afrikaans*. Stellenbosch: Sun Press.

Faris, W.B. 1995. Scheherazade's children: Magical realism and postmodern fiction. In Zamora en Faris (reds.) 1995.

Ferreira, J. 2008. Grensoorlog. LitNet. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=52748&cat_id=166 (10 September 2012 geraadpleeg).

Francken, E. en L. Renders. 2005. *Skrywers in die strydperk: Krachtlijnen in de Zuid-Afrikaanse letterkunde.*Amsterdam: Bert Bakker.

Giliomee, H. en B. Mbenga (reds.). 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Granofsky, R. 1995. *The trauma novel*. *Contemporary symbolic depictions of collective disaster*. New York: Peter Lang.

Hermans, F. 2010. *Trauma en beschaving: Een historisch–sociologisch onderzoek naar de opkomst en verbreiding van de zorg voor slachtoffers van schokkende gebeurtenissen*. Diemen: Stichting Arq.

Human, T. 1999. Die soeke na konstruksie van waarheid in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* deur Christoffel Coetzee. *Stilet*, 11(2):113–25.

—. 2009. "Te hel met heling, Niggie!": Wanneer traumanarratiewe tekort skiet. *LitNet Akademies*, 6(3):16–32.http://www.litnet.co.za/Article/te-hel-met-heling-niggie-wanneer-traumanarratiewe-tekort-skiet (11 November 2012 geraadpleeg).

John, P. 2000. Versoening, Aufarbeitung, Renaissance, Verligting: Wat eis die Suid-Afrikaanse verlede van ons?*Stilet*, 12(2):43–62.

—. 2006. Die terapeutiese imperatief, stories en letterkunde: 'n Repliek aan H.P. van Coller. *Tydskrif vir Letterkunde*, 43(1):155–67.

—. 2008. Die tyd van die triekster. Identiteit in enkele hedendaagse Afrikaanse prosatekste. *Literator*, 29(3):75–98.

—. 2010. Die "Terapeutiese perspektief" en die "Agtstekleurgekekkel" van *30 nagte in Amsterdam* deur Etienne van Heerden (2009). *Stilet*, 21(1):187–203.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652–2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kristeva, J. 1982. *Powers of horror: An essay on abjection*. Vertaal deur L.S. Roudiez. New York: Columbia University Press.

Krog, A. 2002. *Country of my skull*. Johannesburg: Random House.

LaCapra, D. 1994. *Representing the holocaust: History, theory, trauma*. New York: Cornell University Press.

—. 2001. *Writing history, writing trauma*. Baltimore: John Hopkins University Press.

Langer, L.L. 1977. *The holocaust and the literary imagination*. Yale: Yale University Press.

Meijer, M. 1996. *In tekst gevat. Inleiding tot een kritiek van representatie.* Amsterdam: Amsterdam University Press.

Metz, J. 2012. Reading the victimizer: Towards an ethical practice of figuring the traumatic moment in holocaust literature. *Textual Practice*, 26(6):1021–43.

Ohlhoff, H. 2003. Oorlog en poësie. Primêr 'n Celliers-perspektief. *Tydskrif vir letterkunde*, 40(1):76–96.

Pakendorff, G. 2013. *LitNet Akademies*-resensie-essay: Gunther Pakendorf lees *Woordeloos tot verhaal. Trauma en narratief in Nederlands en Afrikaans*. *LitNet Akademies*. http://www.litnet.co.za/Article/litnet-akademies-resensie-essay-gunther-pakendorf-lees-woordeloos-tot-verhaal (5 Junie 2013 geraadpleeg).

Pretorius, F. 1999. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* histories beoordeel. *Tydskrif vir Letterkunde*, 37(3/4):1–17.

Renders, L. 1999. Tot in die hart van boosheid: twee resente Afrikaanse romans oor die Anglo-Boereoorlog.*Literator*, 20(3):113–28.

Rigney, A. 2012. Reconciliation and remembering: (How) does it work? *Memory Studies*, 5(3):251–8.

Roos, H. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In Van Coller (red.) 1998.

Roth, M.S. 2012. *Memory, trauma, and history*. *Essays on living with the past*. New York: Columbia University Press.

Smuts, J. 2009. Die destabilisering van binêre geslagsopposisies by wyse van magiese realisme in Reza de Wet se drama *Breathing in*. Ongepubliseerde MA–verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Swanepoel, E. 1998. Waarheid en versoening: Representasies van die Suid-Afrikaanse oorlog (1899–1902) in Afrikaanse, Engelse en Nederlandse fiksie. *Stilet*, 10(2):63–75.

Tal, K. 1996. *Worlds of hurt: Reading the literatures of trauma*. Cambridge: Cambridge University Press.

Van Coller, H.P. 1995a. Tussen parodie en nostalgie: Die Afrikaanse prosa in die jare negentig. Deel I. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 35(3):197–208.

—. 1995b. Tussen parodie en nostalgie: Die Afrikaanse prosa in die jare negentig. Deel II. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 35(3):271–79.

—. 1997. Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde. *Stilet*, 9(2):9–21.

—. 2002. Prosakroniek 1998–2000: Skrywers op die tweesprong. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(4):304–20.

—. 2003. Die gesprek tussen C.M. van den Heever se werk en enkele moderne Suid-

Afrikaanse romans. *Literator*, 24(1):49–68.

—. 2005. *Anderkant die stilte* (André P. Brink) en die verwerking van trauma. *Tydskrif vir Letterkunde*, 42(1):117–33.

—. 2006. Het magisch realisme in enkele recente Afrikaanse romans. *Werkwinkel*, 1(1):101–15.

—. 2011. Die representasie van die verlede in verteenwoordigende Afrikaanse prosawerke: Voorstelle vir ’n tipologie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):680–97.

Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en profiel: ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, Band 1. Pretoria: J.L. Van Schaik Uitgewers.

Van den Berg, C. 2011. Collective trauma in modern Afrikaans fiction. Referaat gelewer by die Trauma: Theory and Practice-kongres, 14–16 Maart, Praag, Tsjeggië. http://www.inter-disciplinary.net/wp-content/uploads/2011/02/bergtpaper.pdf (11 November 2012 geraadpleeg).

Van der Merwe, C.N. 1999. Verhale oor die Anglo-Boereoorlog. *Literator*, 19(3):85–97.

—.2007. ’n “Terapeutiese perspektief” op Etienne van Heerden se *In stede van die liefde* (2005). *Stilet*, (19)1:103–14.

—. 2010. Repliek op Philip John se artikel “Die ‘Terapeutiese perspektief’ en die ‘Agtstekleurgekekkel’ van *30 nagte in Amsterdam* deur Etienne van Heerden (2009)”. *Stilet*, 22(1):204–9.

Van der Merwe, C.N. en P. Gobodo-Madikizela. 2008. *Narrating our healing: Perspectives on working through trauma*. Newcastle: Cambridge Scholars Publishing.

Van Heerden, E. 1998. Oppas vir goedkoop nostalgie. *Die Burger*, 1 Oktober.http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1998/10/01/11/4.html (2 Maart 2013 geraadpleeg).

Van Zyl, W. 1999. “Mannetjies Mentz” lieg op voortreflike wyse ’n skokkende waarheid. *Die Burger,* 4 Oktober, bl. 11.

Visagie, A. 1997. Subjektiwiteit en geskiedenis in Etienne van Heerden se *Casspirs en Campari’s*. *Stilet*, 9(1):109–26.

Wessels, A. 2011. Die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) in die Afrikaanse letterkunde: ’n Geheelperspektief. *Die Joernaal vir Transdissiplinêre Navorsing in Suider-Afrika*, 7(2):185–204.

Zamora, L.P. en W.B. Faris (reds.). 1995. *Magical realism. Theory, history, community.* Londen: Duke University Press.

**Eindnotas**

[1] Ek betuig hiermee my dank aan Yves T'Sjoen (Departement Letterkunde, Universiteit Gent) wat opgetree het as promotor vir die aanvanklike ondersoek waaruit hierdie artikel voortgevloei het.

[2] Die terme *Anglo-Boereoorlog* en *Tweede Vryheidsoorlog* word ook dikwels aangewend om na hierdie konflik te verwys. Veral die populêre *Anglo-Boereoorlog* dui volgens Nasson (in Giliomee en Mbenga 2007:223) daarop dat die konflik 'n "witmansoorlog" was. Hierdie beskouing word sedert die vroeë 1980's as 'n wanopvatting beskou, omdat navorsing deur Peter Warwick, Bill Nasson, Jeremy Kirkler, Jacob Mohlamme, Fred Morton en Bernard Mbenga "die hoogs aktiewe deelname van swart mense in 'n wye reeks oorlogsrolle getoon [het], o.m. as gewapende vegters aan Britse sowel as Boerekant" (Nasson, in Giliomee en Mbenga 2007:223). In hierdie artikel sal die meer gepaste *Suid-Afrikaanse Oorlog* derhalwe deurgaans gebruik word wanneer daar na hierdie konflik verwys word.

[3] Sien byvoorbeeld ook Boothroyd (2013), waarin aangevoer word dat sosiopolitieke en sosiokulturele kritiek sedert die tweede helfte van die 20ste eeu toenemend fundamenteel polities van aard geword het.

[4] Sien ook onder andere bladsye 35, 36, 44, 49, 53, 70, 71, 94, 118, 123.